

SENWES Scenario

GRATIS

JUNIE • JULIE 2017

**VRYSTAAT JONGBOER
VAN DIE JAAR
JOHAN VAN HUYSSTEEN**

FOKUS OP: KOPPIES

**Senwes funds Smart Agri
Risk Management Desk**

DIEREVOEDING

Read the Senwes Scenario in English @ www.senwes.co.za

Senwes S



SPEZIALE JCB FINANSIERINGSAANBOD

**RENTEKOERSE
TOT EN MET
PRIMA minus 5.5%**



**JCB 3CX Laaigraaftrekkers
Alle Teleskopiese laaiers**

♦ **Prima minus 5.5% (gekoppel)**

20% deposito

3 jaar termyn met
jaarlikse paaielemente

Geen BTW terug

Maandelikse paaielemente
ook beskikbaar

JCB 3CX Laaigraaftrekkers (Backhoe loader machines)



531-70 en 530-70i Teleskopiese laaiers (Telehandlers)

**Promosie op alle JCB-produkte
geldig tot 30 Junie 2017.**

BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD

Verdere navrae kan ook gerig word aan: Antoon Smalberger,
Bestuurder JCB en Landbou-implemente (082 806 4844)
Phillip Nel: Streekbemarker JCB Landbou-implemente (083 451 3947)

Vir enige navrae of demonstrasies,
kontak gerus u naaste Senwes
Equipment heelwerktuigbemarker.





INHOUD • CONTENTS

REDAKTEURSBRIEF

- 2 To win or overcome

ALGEMEEN

- 3 Spotprent: Pieter & Tshapo
- 3 Oraloor gehoor

HOOFTARTIKEL

- 4 Nasie in Gesprek se boodskap wyd en syd versprei

AREAFOKUS

- 16 Koppies maak sy merk

KOLLIG

- 20 Hermann Weiss: Dubbel die passie

NUUS

- 5 Hope aksie en wenners met Senwes Grainlink by Nampo Oesdag 2017
- 6 Die rol van landboubesighede in 'n veranderende landbou-omgewing
- 9 2017 Vrystaat Jongboer van die Jaar: Johan van Huyssteen
- 12 Noordwes Jongboer van die Jaar-titel 'n wen vir die wildbedryf
- 28 Senwes en Agri SA loods Smart Agri-Risikobestuursplatform
- 31 GOSA Simposium weereens verrykend
- 37 Grasland 50

HANDELSNUUS

- 14 Muf en mikotoksiene: Hoe beïnvloed dit die prestasie van voerkraalbeeste en melkkoeie?

- 22 Van die Koppiesdistrik vir die kontrei
- 24 Steve Kinghorn is senter tot die produsent se sukses
- 27 Corné Coetzee 'n man van aksie
- 35 Ken jou Certisure makelaar: Paul Els
- 36 Bestuur van ondergrondssuurheid
- 38 Samesmelting en skenkingbelasting
- 54 Lekker kos vir gesonde troeteldiere

RUBRIEKE

- 40 Safex Scenario's met Susari
- 42 Graanmarkvooruitsigte
- 45 Druppels op die dak
- 47 Kolskoot
- 48 'n Boer maak 'n plan
- 50 Toekomsfokus
- 53 Kos vir die siele
- 55 Tuinwenke

KOMPETISIES

- 55 Wen met Hannon
- 60 Wen 'n kopie van *Hoop wat kaalvoet loop*

VROUE

- 56 Milanie Vosloo

Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke tweede maand vir relevante maatskappy- en bedryfsnuus. **Teken in by www.senwes.co.za.**



OP DIE VOORBLAD

DIE 2017 VRYSTAAT Jongboer van die Jaar is Johann van Huyssteen en hy pryk op die voorblad van hierdie uitgawe. Ons het by dié dinamiese boer op die plaas Bloekom, tussen Virginia en Theunissen, gaan inloer.

Ons fokus ook op die Noordwes Jongboer van die Jaar, Ro'an van Tonder, en hul wildsboerdery. Ons beste wense vergesel hulle wanneer hulle ook later vanjaar aan die nasionale been van die kompetisie deelneem.

Nog 'n wenner is die *Nasie in Gesprek*-reeks wat vanjaar vir die vierde agtereenvolgende jaar by Nampo Park verfilm is. Programme in dié reeks word alreeds uitgesaai.

Koppies-omgewing is die areafokus, met Senwes produsent Hermann Weiss wat hier in die kollig is. Ons gesels ook oor die Senwes befondsing van die Smart Agri-Risk Management Desk, wat ten doel het om die risikofaktore in die landbousektor te analiseer. Nog 'n wenprojek!

<http://fwd2.co/ScenarioApple>



<http://fwd2.co/ScenarioGoogle>



Lees die Senwes Scenario aanlyn in Afrikaans en Engels by www.senwes.co.za of laai die Scenario toepassing af.

'Like' ons Facebook-blad by

[facebook.com/ReadScenario](https://www.facebook.com/ReadScenario) en volg ons op

Twitter by [@ReadScenario](https://twitter.com/ReadScenario)



Redakteursbrief

Om te wen of te oorkom

DIE OORHOOFSE TEMA IN HIERDIE UITGAWE IS OM TE WEN OF TE OORKOM. NEEM NAMPO OESDAG SE 51STE BESTAANS- JAAR AS VOORBEELD, EN DAARMEE SAAM DIE OORWELDIGENDE SUKSES VAN NASIE IN GESPREK SE VIERDE BESOEK AAN HIERDIE VOORAANSTAANDE LANDBOUSKOU.

Dit bring my by die woord *wen*. *Wen* beteken om suksesvol te wees of te seëvier. By dieper ondersoek na die oorsprong van die woord *wen*, het ek op 'n gedeelte afgekom wat die Ou Engelse woord *winnan* as 'n voorloper tot *wen* beskryf. *Winnan* beteken om 'n stryd te stry, te strewe na iets of vir iets te veg. Daar is amper nie 'n beter manier om dit te beskryf nie, want dit is presies wat gebeur gedurende die maande of jare voor die oorweldigende sensasie van oorwinning.

Die eerste opgetekende verwysing na *wen* soos in *seëvier*, was in 1300, terwyl die eerste opgetekende verwysing na *wen* soos in die moderne sin van oorwinning, in ongeveer 1862 plaasgevind

het. Daar was sedertdien baie idioome en frases met die woord *wen* daarin, soos aanhouer *wen*, loshande *wen*, *wen* sonder speel, goed begin is half gewin, om maar 'n paar te noem.

In lyn met die tema, fokus ons ook op die nuwe 2017 weners van die Jongboer van die Jaar kompetisies, met Johan van Huyssteen wat die Vrystaat wenner is en Ro'an van Tonder die Noordwes wenner.

Daar is ook 'n artikel deur Francois Strydom oor hoe om 'n wenner landboumaatskappy te wees. Ons verwag rekord-opbrengste vir die huidige finansiële jaar, wat op sigself 'n oorwinning is. Die feit dat Senwes die Smart Agri-Risiko-bestuursfunksie befonds, is nog 'n oorwinning vir produsente, aangesien hierdie funksie die verhoging van risiko in die landbousektor oor veral die afgelope dekade sal ondersoek.

Geniet hierdie artikels en nog baie meer in hierdie uitgawe, wat beslis 'n gevoel van oorwinning skep, veral na die afgelope paar droogtejare.

Aubrey Kruger
REDAKTEUR

HOOFREDAKTEUR

Marlon Abrahams

Tel: 018 464 7349

marlon.abrahams@senwes.co.za

REDAKTEUR

Aubrey Kruger

Tel: 018 464 7449

aubrey.kruger@senwes.co.za

ADVERTENSIES

Mariëtte Hugo

Tel: 018 464 7505

mariette.hugo@senwes.co.za

ONTWERP EN UITLEG

Mercia Venter

mercia.venter@senwes.co.za

MEDEWERKERS

Ds Carel Botma, Ds Willie Botha, Lucas Coetsee, Carl Fourie, Japie Fransman, Thys Grobbelaar, Jenny Matthews, Susari Geldenhuys, Marietjie Grobler, Jan Serfontein en Milanie Vosloo.

SUBSKRIPSIE

Marie Erasmus

Tel: 018 464 7568

Faks: 018 464 7772

marie.erasmus@senwes.co.za

EIENAAR

Senwes,

Posbus 31,

Klerksdorp,

2570

Tel: 018 464 7800

DRUKWERK

Typo

Tel: 011 402 3468



- Alle regte van die inhoud van Senwes **Scenario** word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.



Pieter & Tshopo

In hierdie uitgawe fokus ons op van die uitlatings wat gemaak is deur van die paneelgaste tydens Nasie in Gesprek, wat tydens Nampo Oesdag verfilm is.



Nasie in Gesprek bereik nog meer Suid-Afrikaners in 2017.

MIKE MLENGANA

DG, Department of Agriculture, Forestry & Fisheries

“THE farmer registry is the most important thing.”

MILAAN THALWITZER

Bosveld Group

“WE still have to sort out things like ownership, title deeds, etc.”

FRANCOIS STRYDOM

Senwes HUB

“SOMS moet mens eers in iets beland voordat jy weet wat die oplossing is.”

JANNIE DE VILLIERS

Graan SA HUB

“DIE beste kompos in die graan-wêreld is die vuilheid op jou skoene.”

JOHN HUDSON

Nedbank Business Banking: Divisional Manager (Agriculture)

“I love employing young people. They bring energy to the sector.”

FRANCOIS STRYDOM

Senwes HUB

“DIE goeie van Suid-Afrika is ons wag nie vir die regering nie, ons doen dit self.”

KOBUS STEENEKAMP

Monsanto - Besturende Direkteur

“IT is very important for a student to have passion.”

DIRK STRYDOM

Graan SA

“TEGNOLOGIE kos werk by primêre produksie, maar ontsluit weer geleenthede binne 'n groter ekonomie.”

LINDIE STROEBEL

Produce Marketing Association – GM Southern Africa

She grew up on a farm and says farming is in her blood.

“WHEN I did psychometric tests after school I was told if only I were a boy, I would be perfect for farming. I never saw

STAAN PRODUSENTE BY IN DROOGTETYD



Die Agri SA Droogte-rampfonds het jou hulp nodig.

MAAK SÓ JOU DONASIE

Donasies kan gemaak word via die webblad www.droogte-rampfonds.co.za met verskeie betalingswyses soos EFT, Kredietkaart, Tjek- en Debietkaarte, Kits, EFS, SnapScan of Premietarief SMS teen R30 per sms.

HOEKOM MOET EK BYDRA?

Senwes doen 'n beroep op alle besorgde Suid-Afrikaners om ons produsente by te staan, aangesien hul bydrae krities is vir die voedselsekureit van ons land en die plattelandse ekonomie.

myself as being different from men in any respect. We are all equal and I think it lies in how you see yourself. If you want to be good for business as a woman you can't be a little girl.”

NASIE IN GESPREK SE BOODSKAP WYD EN SYD VERSPREI

SUID-AFRIKA SE VEELBESPROKE LANDBOUGESPREKS-PROGRAM, NASIE IN GESPREK, HET VANJAAR SY VIERDE BESTAANSJAAR GEVIER TYDENS DIE JAARLIKS OPNAME DAARVAN BY DIE LANDBOUKALENDER SE BELANGRIKSTE GEBEURTENIS, DIE NAMPO OESDAG IN BOTHAVILLE VANAF 16-19 MEI.

« MARLON ABRAHAMS

Die program het in statuur en reputasie gegroei en het weereens die sektor se belangrikste belanghebbendes en rolspelers na die gesprekstafel gebring, waar sake soos Vroue en die Jeug in Landbou en Grondgrype sonder Vergoeding bespreek is.

Die Nasie in Gesprek sosiale mediaplatforms het interaksie met meer as 300 000 mense oor die vier dae aangedui, terwyl verwag word dat die organiseerders van die Nampo Oesdag besoekergetalle gaan aankondig wat die 75 000 besoekers van verlede jaar gaan oorskry. Dit, tesame met blootstelling op platforms soos Talk Radio 702/Cape Talk, RSG, Landbouweekblad en lewendige uitsending op News24, sowel as die deurlopende blootstelling van die reeks op KykNet, Sowetan TV en Business Day TV, het daartoe gelei dat Nasie in Gesprek ongetwyfeld die nasie se mees populêre landbougespreksprogram is.

Hierdie jaar se uitsending vanaf Nampo kan ongetwyfeld beskryf word as uiters openhartig en alle partye het saamgestem dat die tyd vir optrede aangebreek het.

Opmerkings soos “ons kan nie vir die regering wag nie, ons moet dit self doen,” het die gees van hierdie jaar se reeks raak saamgevat.

Tydens die mediabekendstelling op 15 Mei, het ’n paneel met Carte Blanche se Derek Watts as gasheer, en gaste soos DG DAFF Mike Mlangana, Landbant HUB TP Nchocho, Roelf Meyer – In Transformasie Inisiatief, 702/Cape Talk se Stephen Grootes en Milaan Thalwitzer van die Bosveld Groep, geluister hoe die DG erken dat die regering in sy implementering van grondrestitusie gefaal het. Daar was egter hernude begrip van wat betrokke is en wat nodig is om dit te laat realiseer, sowel as ’n hernude verbintenis tot die proses.

Gesprekke gedurende die week is gekenmerk deur passie en opregtheid en belanghebbendes soos Senwes se Francois Strydom het beklemtoon dat indien besigheid hulle sou besig hou met besigheidsbeginsels, sal swart bemagtiging deel word van die besigheidsplan. AFGRI HUB, Chris Venter, het aangedui dat hy nog nooit ’n boer ontmoet het wat nie wil help nie.

Kommersiële boer Herbert Mabuza, ’n voormalige redakteur

van die Sunday Times, het ’n uitstekkende toespraak gelewer oor hoe hy begin boer het en hoe ’n wit boer geweier het om sy plaas aan hom te verkoop, tensy hy sou leer om te boer. Tydens die inset oor Vroue in Landbou het Gloria Serobe, HUB van Wipcapital en stigter van Wiphold, SA se eerste SEB-maatskappy wat ’n permanente, breë-basis aandeelhouding in 1997 gevestig het, gesê dat Wiphold die landbou betree het met ’n 2000 hektaar saaiboerdery.

Ander boeiende gesprekke het gegaan oor Finansies: Arbeid, Diversifikasie en Finansiële Beplanning; Die Rol van Tegnologie; Grondgesondheid en Adviseurs in Landbou, terwyl aanbieder Jeremy Maggs ’n paneel gelei het wat gaste soos Musi Kuzwayo van Ignitive Agency ingesluit het, wat oor die belangrikheid van die vestiging en instandhouding van ’n handelsmerk gepraat het.

Mede-aanbieder en voormalige Sowetan redakteur en Power FM se stasiebestuurder Mpumelelo Mkhabela, was die gasheer van die gesprek oor loopbaangeleenthede vir die jeug en hoe om nuwe toetreders na die landbousektor te lok. Dit was duidelik dat die landbouwaardeketting, van die saad tot die bord, baie, baie opwindende en uiteenlopende werkseleenthede bied.

Besoek die Nasie in Gesprek webtuiste by www.nasieingesprek.co.za om die Nasie in Gesprek Toepassing af te laai en na al die episodes te kyk en verseker so dat jy nie uitmis op hierdie belangrike gesprekke nie. 📺



❶ Fouché Germishuys van Heilbron was die gelukkige wenner van die weerstasie op die eerste dag van Nampo 2017.

❷ Jan Cronje, die wenner van die weerstasie gedurende dag twee van Nampo 2017.

Hope aksie en wenners met Senwes Grainlink by Nampo Oesdag 2017

AS JY NAMPO 2017 BYGEWOON HET, SAL JY SAAMSTEM DAT DIT 'N UITSTAANDE GELEENTHEID WAS WAAR 51 JAAR SE ERVARING IN DIE AANBIEDING VAN DIE GROOTSTE LANDBOU-SKOU IN SUID-AFRIKA DUIDELIK BEVESTIG IS.

« MARIETJIE GROBLER

Wat Senwes betref, was dit geen uitsondering nie en het die Grainlink stalletjie somer baie aandag getrek.

Die grootste trekpleister was die silomodel, wat oud en jonk laat inloer het. Soveel skougangers het erken dat hulle geen idee het hoe graan in 'n silo beland, hoe dit hanteer word en hoe dit weer later uitgelaai word nie. Personeel het die geleentheid gebruik om die basiese graanhanteringsprosesse te verduidelik. Aanvullend hiertoe het 'n paar video's, wat met spesiale 3D-toerusting gekyk word, 'n lewensgetroue ervaring verskaf oor hoe dit binne 'n silo lyk en watter prosesse daar plaasvind.

Soggens tussen 09:00 en 12:00

is die intydse SAFEX graanmarkpryse op 'n groot skerm tentoongestel en kon besoekers kundige raad van ons graanbemarkingsadviseurs verkry. Die Nasie in Gesprek sessies is ook lewendig vanuit 'n ateljee op die terrein gebeeldsind en kon besoekers dit in die stalletjie volg.

Grainlink het vanjaar twee kompetisies gehad waar deelnemers op elk van die vier Nampo-dae 'n elektroniese weerstasie ter waarde van R6 000 kon wen, of 'n geskenkbewys ter waarde van R1 000, wat by enige Hinterlandtak spandeer kan word. Om in aanmerking te kom vir 'n weerstasie, moes deelnemers denkbeeldige graan op 'n gesimuleerde markspeletjie verhandel en aan die einde van 'n dag is die beste "handelaar" rekenaarmatig aangewys. Vir die geskenkbewys moes deelnemers die nuwe Grainlink App op hul fone aflaai, die maklike daaglikse kompetisievrage beantwoord en sorg dat hul inskrywingsvorme in die spesiale houer in die stalletjie geplaas word. Klokslag om drie uur is die wenner aangekondig en is daar met oorgawe verduidelik hoe dié prys ten volle benut kon word. Daar was ook die geval, op die finale dag, waar die wenner van die weerstasie ook die gelukkige wenner van die geskenkbewys was. ●



Lourens van Eden, die wenner van die weerstasie gedurende dag drie van Nampo 2017.



Rikus van Rooyen van Heilbron was die gelukkige wenner van beide die geskenkbewys en die weerstasie op die finale dag van Nampo 2017.



Welbekende nuusanker, Jeremy Maggs, geniet die 360 silo-ervaring by die Senwes Grainlink stalletjie gedurende Nampo 2017.

Die rol van landboubesighede in 'n veranderende landbou-omgewing

NA DIE UITSTEKENDE *LANDBOU-BESIGHEDE: WAARHEEN LEI DIE PAD?* RUBRIEK VAN SENWES HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE, FRANCOIS STRYDOM, WAT IN MEI 2017 IN DIE LANDBOUWEEKBLAD VERSKYN HET, HET ONS DIE ARTIKEL, MET VERGUNNING, VERDER MET HOM GEVOER. VERAL RAKENDE DIE VERANDERENDE LANDBOUOMGEWING, DIE ROL VAN LEIERSKAP EN NATUURLIK OOR DIE VISIE EN STRATEGIE WAT HIER NODIG IS.



« AUBREY KRUGER

DIE VERANDERENDE LANDBOUOMGEWING

Om mee te begin. Toe die landboulandskap verander het, het sekere besighede primêr in die hande van lede gebly, terwyl ander weer die net wyer gegooi en die waardeketting uitgebrei het. Dit gaan hier oor waar dit die produsent nou eintlik laat, wat landboubesighede se huidige rol is en in wie se belang hulle optree.

Hier gaan dit in realiteit oor die plek en doel van 'n landboubesigheid en waar hy inpas, eintlik daaroor dat hierdie rol deurentyd en by herhaling herontdek moet word. Die sakesektor in die wêreld het volgens my van die 1990's eintlik so bietjie die spoor verloor, met baie wat gesê het dat alles oor die aandeelhouer gaan. Aandeelhouders is sekondêr.

Dit gaan eerste oor die klant, personeel, insetverskaffers en die gemeenskap, en as alles logies werk, dan sal die aandeelhouer vergoed word. Die kruks is dat al hierdie dinge in balans moet wees.

DIE ROL VAN LEIERSKAP

Die rol van 'n leierskap is om die omstrede onderwerpe na die voorgrond te bring. 'n Leier mag nie kies om net oor die veilige onderwerpe te praat nie. Daar moet oor die groter goed ook gepraat word, anders gaan jy verseker nie bepalend wees nie.

By die definisie van die rol van leierskap gaan dit oor die rol van leiers om hul organisasies en maatskappye na plekke te neem waar hulle nie die nodigheid insien om heen te gaan nie, maar later dankbaar is dat hulle wêl daar uitgekom het - dit bly 'n goeie opsomming hiervan. Dit

word slegs bereik deur goeie leierskap. 'n Leier bereik hierdie vlak deur harde werk, asook intense nabetraging. Hy kyk twee tot drie bulte vooruit deur nie slegs die daaglikse planne na te volg nie, maar 'n langtermynstrategie na te streef. Hy moet visie hê - dit is eintlik wat leiers veronderstel is om te doen."

WAT IS 'N LANDBOUBESIGHEID?

Die feit is dat baie landboubesighede in die laaste 110 jaar aangepas het om by die nuwe omstandighede in te pas.

Soos reeds genoem, het landboumaatskappye in die verlede in verskillende rigtings ingebuur. In die lig hiervan moet daar absoluut seker gemaak word dat alle partye van dieselfde ding praat as hulle van landboubesighede praat. Vir my is dit 'n verkeerde aanname om te sê landboubesighede behoort net aan produsente. Dit is dieselfde as om te sê banke behoort net aan bankiers? Jy beperk jouself ongelooflik baie. My vraag is hier: Wat het dit op die ou einde met jou strategie te doen?


GOEIE VISIE IS ABSOLUUT KARDINAAL

'n Besigheid moet 'n goed gedefinieerde visie hê, wat enkelvoudig klem lê op die uitvoering van sy sakeplan. Hier gaan dit oor strategie en visie. In Senwes se geval: Wat is die doel van Senwes? Die klant gaan nie die doelstellings van Senwes kan opnoem nie. Sê hier eerder waarvoor staan Senwes, Senwes gaan oor een ding en dit is

> VERVOLG OP BLADSY 8

PLANT *met 'n* PLAN

Pioneer se Groeipunt® Agronomie-proewe omskep data in sleutelinsigte wat jou help om jou produksie beter te beplan en opbrengste te verhoog.



DIE SAAD VAN SUKSES

Saam met jou van
**DIE WOORD
"GO"**

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com

© 2016 PHIL.

Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
®, SM, TM Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.

Rol van landboubesighede

> VERVOLG VAN BLADSY 6

om oplossings vir sy klante te gee sodat hulle besighede beter kan wees.

UIT DIE PRODUSENT SE OOGPUNT

'n Produsent doen vandag sake met wie ook al op die spesifieke terrein beweeg waar hy sake wil doen. Hy doen sake met wie ook al die beste belanghebbende op daardie spesifieke terrein is. Die produsent kan nie meer bekostig om op 'n sentimentele grondslag sake te doen nie.

Natuurlik sal al hierdie belanghebbendes verskillende meganismes hê om die produsent se besigheid te bekom. Dit gaan oor hul eie langtermynvisie ten opsigte van die klant. Hoe dien hulle die klant se belang? Bied hulle spesiale lojaliteitsprogramme aan? Hoe belê hulle in hul besigheid om die klant se besigheid te bekom?

'n Hele reeks van hierdie normale kommersiële praktyke lei daartoe dat die produsent uiteindelik met daardie spesifieke besigheid sy sake doen. Natuurlik is dinge soos prys, reeks en diens belangrike aspekte in sy keuse.

Senwes het byvoorbeeld in die laaste paar jaar meer as R200 miljoen in die silobesigheid belê. Hier is dit belangrik om in die infrastruktuur te belê en natuurlik is dit die regte ding om te doen. Jy moet 'n bepaalde houding hê. Wat is Senwes se doel? Binne die maatskappy is personeel eintlik die ouens wat die ding maak werk, die feit dat personeel gedryf word deur motivering en nie slegs salaris nie. Daai goed is tydloos. 'n Maatskappy is 'n maatskappy absoluut vir sy klante, maar kopelend hiermee gaan dit ook oor hoe jy die omgewing verander, hoe verander jy lewens en self nog belangriker, hoe verander jy Suid-Afrika."



Landboubesighede staan daarom voor 'n groot en belangrike keuse om suiwer te dink oor waarheen hulle op pad is en hoe hulle hul eie doel moet definieer. Die klant wil verseker weet dat die instansie met wie hy sake doen, net in sy belang optree.

Maar hoe gereeld moet mens hieroor nadink? "Dit is op 'n minuut-tot-minuut basis. Maar ek sê dan ook daarmee saam dat as jy elke minuut jou doel verander, gaan jy nêrens heen nie. Jy moet deurlopend alles gaan herbesoek."

WAARVOOR SÊ JY NEE?

Strategie gaan ten eerste oor waarvoor jy "nee" moet sê as waarvoor jy "ja" moet sê.

Hier is dit belangrik om te weet waarheen jy op pad is. Dit is ook belangrik om nee te sê. Jy moet op jou voete staan en weet wat jy kan doen. Maar dit is meer belangrik om te weet wat jy nie kan doen nie, en om hiervoor nee te sê. Dit is maklik in die lewe om ja te sê. Dit is egter baie moeiliker om nee te sê. Dit is die goed wat jou definieer. Om nee te sê beteken jy

moet seker wees van die goed wat jy wil bereik.

WEES TOEKOMSGERIG

Daar moet van die begin af na die toekoms gekyk word. Toe ek in 2010 by Senwes as HUB begin optree het, het ek vir agt maande al die strategieë uitgedaag. Nou werk ons op 'n lopende 10-jaar basis, en elke jaar skuif ons dus 10 jaar vorentoe. Die realiteit is dat besighede al hoe verder die toekoms moet inkyk.

Vir my gaan dit oor die nalatenskap wat ons agterlaat. Ek wil 'n onderneming wat beter is as wat ek gekry het, nalaat. Ek wil mense se lewens verander, ek wil Suid-Afrika verander en daarom is ek bereid om my nek uit te steek, soos byvoorbeeld met Nasie in Gesprek.

TER AFSLUITING

'n Goeie maatskappy se strategie is eintlik tydloos. Die metodiek mag oor die jare verskil, maar die feit is dat jy moet kommunikeer met almal wat in voeling is, het eintlik nog nooit verander nie. ●

Johan en sy vrou Juanita vier sy titel as Vrystaat Jongboer van die Jaar.



2017 Vrystaat Jongboer van die Jaar

Johan van Huyssteen

JOHAN VAN HUYSSTEEN IS DIE PASGEKROONDE 2017 VRYSTAAT JONGBOER VAN DIE JAAR. EN WAT MEER IS, IS DAT HY 'N SENWES KLANT IN MURG EN BEEN IS. SENWES SCENARIO HET DIE DINAMIESE BOER OP DIE PLAAS BLOEKOM TUSSEN VIRGINIA EN THEUNISSEN IN DIE VRYSTAAT BESOEK.

Die 36-jarige se eerste reaksie toe hy die titel ingepalm het, was groot verbasing. “Die ander finaliste was baie goed. Toe ek hulle video’s sien het ek gedink, jong ek weet nie.” En met die uitlees van sy naam daarna was hy oorstelp en baie dankbaar.

Die bebaarde Johan boer al 14 jaar, sedert 2003, saam met sy pa

(ook Johan) en vir hom was dit ’n geval van eerste keer skeepsreg! Hy noem dat die enigste ander kompetisie waaraan hulle deelgeneem het was in 2012, toe die boerdery vir Graan SA se Graanprodusent van die Jaar ingeskryf het, waar Van Huyssteen Boerdery een van die drie finaliste was.

Johan is ’n vyfde geslag produ-

sent op die plaas Bloekom. Die eerste was Hendrik Petrus van Huyssteen, gevolg deur oupa-grootjie Johan Abraham, oupa Bernardus Francois (Naas), sy pa Johan Abraham en nou hy, Johan Abraham van Huyssteen.

Die winner, wat al vir amper 3 jaar getroud is met Juanita, boer 100% met mielies, dit is waarvoor hy beoordeel was. Hy het egter ook ’n veekomponent wat geen wins maak nie.

Die plase beslaan nagenoeg 2 500 hektaar, met die helfte wat oorlêende is. Daar is egter min weiding met slegs tussen 30 en 50 hektaar tussen lande, wat sowat 500 hektaar in totaal beloop en waarop Johan sy veevertakking van 125 groot en klein vleisbeeste bestuur.

Dié jong boer wat hier grootgeword het, vertel dat sy pa en oupa dié grond aangekoop het en in 2013 het hulle 1 250 hektaar grond van die plaas Emmerentia aangekoop.

Hy doen die fisiese boerdery-geedeelte, pa Johan doen die boeke, Ma Elize die betalings en broer Francois bied sy hulp aan as vee-

Jack Russels in ’n ry! Hierdie plaas het ses Jack Russels met Mia, Rusty, Belly, Vlekkie, Cindy asook Ore wat ook iewers agter op die bakkie is.



> VERVOLG OP BLADSY 10

2017 Vrystaat Jongboer van die Jaar

> VERVOLG VAN BLADSY 9

arts. Vir Johan moet alles maklik wees: “Ek bewerk alles chemies - ek dis nie, skoffel nie en ploeg ook nie. Ek spuit dood, rip en plant verder. Hoe makliker hoe beter.” Hy noem dat hulle ook redelik kultivar- en bemestingsproewe doen om seker te maak hulle gebruik die regte goed.

SENWES

Hy lewer feitlik alle graan by die Senwes Welgeleë silo, wat 'n klipgooi van die plaas af is en waar hy en silobestuurder Piet Nel 'n goeie verhouding het. 'n Klein gedeelte graan word ook deur Senwes se Jaco Maree bemark.

Volgens Johan is die onderdelebestuurder by Welkom, Neil Basson ook fantasies - “Hy dink vooruit en bestel sommer vir my ook. As ek voor 10:00 bestel, het ek dit reeds die volgende oggend.” Hy kan ook nie uitgepraat raak oor Wesselsbron se trekkertegnikus, Myburgh de Bruyn nie - “Hy is regtig baie goed.”

By die Welkom-tak kom hy en takbestuurder, JD du Plessis, goed oor die weg met verhoudingsbestuurder, Estelle Hattingh, wat al hulle saad en meeste kunsmis aankoop. Johan het ook vyf John Deere trekkers, asook 'n spuit en stroper.

MODELLE EN JACK RUSSELS

Die artikel sou ook nie volledig gewees het sonder om te noem dat Johan en sy pa 'n model John Deere versameling het nie, met ongeveer 2 500 modelle. Die versameling is ook al deur Senwes HUB, Francois Strydom, besoek. Jack Russels is oral op die plaas. Mia ry oral saam, Belly draf saam met Juanita en moet ook nie van Rusty, Cindy, Vlekkie en Ore vergeet nie.



Hierdie is 'n John Deere plaas! Hier is Johan van Huyssteen se John Deere stroper en dan het hy ook vyf John Deere trekkers asook 'n John Deere spuit.

Johan bedank sy vrou, Juanita, asook ouers Johan en Elize vir hul ondersteuning, asook broer Francois vir sy insette. Ook vir Senwes: “Senwes is 'n goeie en eerlike maatskappy - 'n ou is nie bang om met Senwes besigheid te doen nie.” En laaste maar verseker

nie die minste nie, sonder sy nege arbeiders, Elias Tlhapu, Makola Theletsane, Lawrence Makhabani, Moeketsi Kholoanyane, Isaac Ntsodo, James Thibile, Motseko Mphongoa, Ezekile Kgoloanyane en Thys Liphlane kon hy nie die titel gewen het nie. ●



Getroue personeel! Hier is die plaas se nege arbeiders, Elias Tlhapu, Makola Theletsane, Lawrence Makhabani, Moeketsi Kholoanyane, Isaac Ntsodo, James Thibile, Motseko Mphongoa, Ezekile Kgoloanyane en Thys Liphlane.

Die Jong Boer in die Wêreldmark

DIT WAS DIE tema van die Vrystaat Landbou Jongboer-konferensie wat op 6 April te Bloemfontein gehou is. By die geleentheid was dr. Dirk Strydom die hoofspreekster en sy woorde was “Globalisering is een van die dinge wat net groter gaan word, beleide gaan net nog verder verander en daar gaan aangepas moet word”.

Senwes was een van die borge by die konferensie, wat deur bykans 120 jong boere uit die Vrystaat, asook borge en die media bygewoon is.

Onder andere het Strydom gemeld dat die gebruik van

tegnologie nodig is om voor te bly in landbou. Hy noem dat dit belangrik is om te kyk na: navorsing, vergelyking ten einde verliese te verminder, bemarking en kontantvloei.

Die konferensie is die aand afgesluit met 'n spogdinee waar Johan van Huyssteen, 'n Senwes klant, as Vrystaat se Jongboer vir 2017 aangewys is. Van Huyssteen, wat op die plaas Bloekom naby Virginia boer, sal die Vrystaat verteenwoordig in die nasionale kompetisie. Senwes Scenario wens hom sterkte toe met sy deelname aan die nasionale kompetisie. ●

VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture. Santam. Regte, egte versekering.**



Noordwes Jongboer van die Jaar-titel 'n wen vir die wildbedryf

VRA JY DIE
2017 NOORDWES
JONGBOER VAN
DIE JAAR OOR
SY TITEL, SÊ HY
REGUIT: "DIT IS
'N WEN VIR DIE
WILDBEDRYF".



"Vir my gaan dit dat die wildbedryf nou volwaardig erken word as landbou, nie net omgewingsake en natuurbewaring nie." Dit nadat wild meestal oor negatiewe redes in die nuus was.

Ro'an se naam is uniek - dis 'n kombinasie van sy ma Ronnie en ouma Andriessa se name. Hy is al vir amper 5 jaar met Miquet getroud. Hulle het twee kinders, Roan (3) en Benroux (4 maande), met die oudste wat al klaar die name van die wild kan opnoem.

Hy vertel dat 95% van die boerdery wildteling behels, met slegs 5% aangeplante weiding vir die sny en baal van gras vir grasverkope asook om die beste deur die kampe te roteer om die grasgehalte en bosluislading te beheer.

FAMILIE VAN BOERE

Hy vertel dat hoewel sy familie almal geboer het, hulle nie altyd aaneen geboer het nie. Oupa Vos van Tonder en Pa Nico van Tonder het geboer, "Maar my pa, Nico, het hierdie plaas as familie-boerdery gekoop en ons seuns moes onself opwerk vir aandeel".

BROER

Ro'an se ouer broer, Werner, is in 2014 as een van die finaliste vir die Noordwes Jongboer van die Jaar kompetisie aangewys. "Die boerdery het sedertdien dramaties verander. Ons het baie uitgebrei rakende infrastruktuur en plaasontwikkeling. Toe was ons in 'n boufase en nou behels Soetvelde Farms se plase Klipfontein, Walkraal wat nou bygekry is asook Kruitfontein met Rooipoort waar daar slegs gesny en gebaal word."

BESTE GEMSBOKTELER IN SUID-AFRIKA


Ro'an wil die beste gemsbokteler in die land word. Daar is baie voordele aan gemsbokke en Ro'an kategoriseer hulle in drie afdelings: rooigemsbokke, gouegemsbokke en jou gewone groot langhoringgemsbokke.

Die doelwit is om genetika van gemiddeld 43 duim-plus koeie te kry met ten minste vier verskillende 40 duim-plus troppe. "Die teeldiere moet dogters wees van 44 duim bulle en moet

Baie geluk!
Ro'an van Tonder,
Agri NW Jongboer
van die Jaar 2017



Ro'an van Tonder is tydens 'n spoggeleentheid aangewys as die Agri NW Jongboer van die Jaar. Ro'an boer op die plaas Klipfontein in die Potchefstroom-distrik.



Opti Feeds wens Ro'an van harte geluk en wens hom alle sterkte toe as finalis in die Nasionale Jongboer kompetisie 2017.



Suid-Afrika
Tel: 018 632 4053/4/5/6,
Faks: 018 632 3989/4934
E-pos: sales@optifeeds.co.za
Opti Feeds Botswana (Pty) Ltd
Tel: +267 397 4146

Opti Feeds
Voer vir Optimale Resultate.

gedek word deur 43 plus duim bulle. Ons het tans 50 koeie. Ons probeer om top genetica aan die stoetteelmark en jagmark te voorsien - Waar gaan hulle daai genetica van hoogstaande gehalte kry - hopelik gaan hulle dit by ons kom koop,” sê Ro'an.

Boonop is hulle baie taai in die veld en die grootste voordeel is dat diere deur die loop van die jaar van buite ingebring kan word asook dat langhoringkoeie net so in aanvraag is as die bulle in die jagmark.

Sover hy weet is hulle ook die enigste wildboere wat indiepte analyses doen waar al die horings gemeet word en voorspellings gemaak word oor die potensiaal van diere. “'n Mens is nie altyd reg nie, maar dit vorm 'n gidslyn vir die toekoms. Ons meet alles waar

ander net die lengte en tip-tot-tip meet,” sê Ro'an.

Hulle boer al sedert 2010 met wild met die eerste Burchell Namibiese gouegemsbokke, wat in 2012 by die bekende Piet du Toit se veiling gekoop is. 10 is aangekoop teen 'n gemiddeld van R825 000 per dier.

“Dit was 'n duur premie, meer as dubbel die markprys, maar ons het die bestes van die bestes, en die premies gaan jy kry die dag as ons uit daardie gouegemsbokke verkoop,” vertel Ro'an.

Hulle is ook besig om vir jagdoeleindes uit te brei na 'n 5 000 hektaar plaas in Namibië.

Sy eintlike doel is om nie net getalle te hê nie, maar die beste - 'n kwantiteit van kwaliteit. Die Kalahari bloedlyne het van die beste gemsbokgenetika.

OPTIFEEDS

Wat veevoer aanbetref, doen Ro'an ook aankope by Optifeeds. “Ons is tevrede met die produk en diens en die diere is in 'n goeie kondisie.”

Laastens is sy versoek dat die media konsekwent moet wees. “Kommersiele boere kan 'n R5 miljoen plus trekker koop maar as 'n wildboer R5 miljoen vir 'n buffel betaal, dan word hy as stalgeek beskou”.

Ro'an moedig alle produsente aan om 'n vertakking in wild te vestig. Daarom hou Kroonstud Wild, waarvan Ro'an deel is, 'n groot wilddag op 9 Augustus 2017 om voornemende wildboere te leer en wys hoe die wildbedryf werk. RSVP voor 2 Augustus 2017 deur vir Ro'an te e-pos by roan.soetvelde@gmail.com. ●



YIELD SAVER™



Verhoed dat jou wins deur die krake val!



- ✦ Beperk verliese op jou stropertafel met tot 80%.
- ✦ YIELD SAVER maak die gate tussen die dekplate & inneemketting toe & voorkom dus pitverlies.
- ✦ Kettingsluitasie soortgelyk aan gewone inneemketting. Vervang borsels soos nodig.
- ✦ Maklike passing op JD en Geringhoff-tafels (vervang slegs inneemketting).



YIELD SAVER betaal homself in die eerste seisoen!

Kontak ons vir meer inligting.

- (082) 787 6718 Chris (Ooste)
- (082) 333 1330 Francois (Kzn)
- (082) 859 5982 Lourens (Sentraal)
- (082) 707 6051 Jonathan (Weste)

Muf en mikotoksiene

Hoe beïnvloed dit die prestasie van

DIE MEESTE VOER VIR LEWENDE HAWE BEVAT MUF- EN SWAMSPORE. GEDURENDE HIERDIE SOMER HET DIE GEREELDE REËN 'N UITDAGING GESKEP VIR HOOIPRODUSENTE WAT BEOOG HET OM HOOI TE SNY, TE BAAL EN TE STOOR.

Dit is belangrik om die impak wat reën op hooi, graan en kuilvoer kan hê, te besef. Benewens die verlies aan voedingstowwe, is 'n ander belangrike komponent van voerwaarde die groei van muf en teenwoordigheid van mikotoksiene. Muf het vog (relatiewe humiditeit van bo 70%), suurstof (ten minste 1 tot 2% O₂), tyd en die regte temperatuur (veranderlik na gelang van die spesie; hoë temperature bevorder *Aspergillus*, lae temperature bevorder *Fusarium*) nodig om te groei.

Nat, styf-gebaalde hooi verskaf 'n vogtige, donker omgewing vir muf om te groei. Gewoonlik beïnvloed muf die smaak en daaropvolgende inname van hooi deur lewende hawe. Muf kan op graan in die land, terwyl dit gestoor word of in die kuilvoerbunker groei. Weerstoestande kan muf groei op gewasse op die land raak. Graan word gewoonlik droog gehou om te voorkom dat muf groei terwyl dit gestoor

word. Muf wat gewasse op die land besmet, kan verskil van dié wat groei terwyl die gewas gestoor word of in die kuilvoerbunker is. Mikotoksiene is die sekondêre produkte wat sommige muf/swam spesies produseer en kan giftig wees vir diere indien dit teen vlakke wat hoog genoeg is, ingeneem word.

MUF EN MIKOTOKSIENE SAL DIE VERTERINGSPROSES NEGATIEF RAAK

Muf in voerkomponente kan beesproduksie negatief raak as gevolg van die invloed op voedingswaarde, mikose en mikotoksikoses. Mikose is 'n siektetoestand wat deur die muf en swamme self veroorsaak word, en mikotoksikose is 'n siektetoestand wat deur die mikotoksiene veroorsaak word. Die swam self kan dus produksieverliese veroorsaak wat apart van, en bykomend tot enige toksiese effek voorkom.

Trouens, verskeie swamme word met negatiewe gesondheidseffekte op plante, diere en mense verbind. In talle kliniese gevalle wat gerapporteer is, is dit moeilik om die uitwerking van mikose en dié van mikotoksikoses te skei. Produksente vermoed gewoonlik dat mikotoksiene die vernaamste sondaars is wanneer laer voerinname, diarree, aborsies, swak gewigstoename of vrektes waargeneem word. Selfs waar dit in lae vlakke aanwesig is, kan die inname van veelvuldige mikotoksiene nadelig wees vir beeste se gesondheid en prestasie. Produksente moet proaktief wees en mikotoksienteenwoordigheid en -vlakke moniteer en 'n mikotok-

sienbestuursprogram inkorporeer.

Terwyl mikroörganismes (protooë) in die grootpens wel tot 'n sekere mate van hierdie toksiene onskadelik kan maak, kan van hierdie metaboliëte (afbraakprodukte) van sulke toksiene net so of selfs meer toksies wees. Wanneer hierdie mikotoksiene deur mikrobies in die grootpens verander word, word hulle omgeskakel na produkte wat soms meer toksies as die oorspronklike mikotoksien kan wees. Sekere protooë kan egter net op bepaalde mikotoksiene inwerk. Vir sommige mikotoksiene is daar geen protooë in die grootpens beskikbaar wat hulle kan afbreek nie, en beeste word aan die negatiewe uitwerking daarvan blootgestel.

Daar moet altyd onthou word dat mikotoksiene 'n negatiewe uitwerking op die grootpensomgewing en -aktiwiteit sal hê – selfs voordat die diere self aangetas word. Sommige van hierdie mikotoksiene en metaboliëte het ook 'n antibiotiese uitwerking en kan die grootpens se mikrobiëse omgewing versteur, en so die weg vir ander muftoksiene, giste en bakteriële gevare baan.

Dieet speel ook 'n rol. Wanneer voerkraalbeeste en melkbeeste hoër verhoudings graan gevoer word, word die grootpens se pH verlaag, en so ook die vermoë om mikotoksiene af te breek. Robuuste grootpensfermentasie is belangrik om maksimum mikotoksienafbreking in die grootpens te bewerkstellig. Die gebruik van buffers en voldoende effektiewe vesel om grootpensfunksie te stimuleer is noodsaaklik.

voerkraalbeeste en melkkoeie?



ONDER NORMALE OMSTANDIGHEDEN IS BESMETTING DEUR VEELVULDIGE TOKSIENE WAARSKYNLIK

Voerkrale en melkprodusente benut 'n wye verskeidenheid voerbestanddele, en 'n groot deel daarvan sal waarskynlik verskillende mikotoksiene tot die totale gemengde rantsoen (TGR) voeg. Die insluitingskoers van graan, gluten, koringsemels, "chop", hooi sowel as mieliekuilvoer, sal die mikotoksienbydrae tot die TGR bepaal. Bestuurders en voedingkundiges sal dikwels probeer om die mikotoksienvlakke te beheer deur die insluitingvlakke van bestanddele wat hoog besmet is met mikotoksiene te verminder. Dit kan 'n goeie metode wees, maar talle van die vervangingsbestanddele kan feitlik dieselfde hoeveelhede mikotoksiene bydra.

Mieliekuilvoer is 'n algemene voerbron en kan 'n groot deel van beeste se rantsoen uitmaak. Met verloop van tyd verhoog die mikotoksieninhoud van gestoorde voere dikwels omdat muf aanhou groei. Kuilvoer kan met oestyd miko-

toksiene en ook mufspore bevat. Hierdie mufspore kan mikotoksiene produseer in die kuilvoer, aangesien die omgewing die regte temperatuur, vog of suurstofvlak verskaf. Mikotoksiene kan dus tydens die stoorproses vermeerder, en dit gebeur wel.

Om die groei van mikotoksiene in kuilvoer te voorkom, moet lug in die kuilvoerbunker so vinnig moontlik uitgesluit word. Dit beteken dat plante teen die regte vogvlakke ingekuul moet word en fyn gekerf moet word (8 – 12mm) vir goeie kompaktering. Die gebruik van 'n kuilvoer inokulant/entstof om fermentasie te versnel en die verseëling van die silo onmiddellik nadat dit volgemaak is, is ook uiters belangrik. Nadat die kuilvoer oopgemaak is, moet 200 tot 300 mm van die voorkant (gesigkant) van die kuilvoer daaglik verwyder word. Die gebruik van 'n snyer word ook aanbeveel om 'n skoon, lugdigte gesigkant te verseker. Enige bederfde kuilvoer of kuilvoer met muf moet weggegooi word.

Veelvuldige toksiene vanaf verskeie voerkomponente kan 'n sinergistiese effek hê, wat die negatiewe impak op die dier se prestasie en gesondheid verhoog. Toksiene van muf en swamme, gekombineer met bakteriële toksiene, verhoog die negatiewe gesondheidskwessies beduidend.

OPSOMMING

Hoewel beeste dalk nie simptome van mikotoksikose (mikotoksien vergiftiging) toon nie, word die beeste se prestasie egter eerstens benadeel. Hierdie verskuilde effek op prestasie is egter van groter ekonomiese belang as mikotoksikose. Muf en mikotoksiene moet in gedagte gehou word wanneer enige soort suboptimale prestasie by herkouers aangespreek word. Benewens die direkte negatiewe effek van mikotoksiene, produseer talle muf spesies stowwe met antibiotiese aktiwiteit. Inname van gemufde voer en mikotoksiene verander die grootpens-mikroflora, wat noodsaaklik is vir doeltreffende vertering.

Bestuurstrategieë wat blootstelling aan en die inname van mikotoksiene voorkom, is altyd die beste weg om te volg. Wanneer produsente vermoed dat daar mikotoksiene aanwesig is, moet voermonsters dadelik getoets word.

Wees bewus van die uitwerking van veelvuldige mikotoksiene, en skerp die bestuur van voerstore, graansilo's en kuilvoerbunkers op. Sluit 'n geskikte mikotoksien-deaktiveerder by die voer in en implementeer 'n mikotoksien-risikobestuursprogram. 🍎

Koppies silo is 'n welbekende baken in Koppies. Van bo af is die uitsig asemrowend en sien jy al die damme in die omgewing asook die prentjiemooi kronkelpad soos dit langs die dorpie verby beweeg.



ONS AREAFOKUS
VAL DIÉ KEER OP DIE
VRYSTAATSE DORPIE
KOPPIES, WAAR ONS 'N
PAAR INTERESSANTHEDE
IN DIE DORPIE TEËGE-
KOM HET.

« AUBREY KRUGER

Koppies is maar 'n klein dorpie, wat sy ontstaan aan 'n spoorwegstasie te danke het. Die dorpie is in 1909 as 'n nedersetting verklaar en in 1910 uitgelê en later, in 1926, tot 'n munisipaliteit verklaar. Die dorpsnaam was eers **Kopjes**, wat afgelei is van die plaas **Honingkopjes**, waarop die dorp gevestig is.

KOPPIES SILO

Verseker een van die uitskieters by Koppies is die Senwes silo. Die silo is op 2 September 1976

deur JC Heunis, die Minister van Ekonomiese Sake, geopen.

Koppies silo het 'n totaal van 18 buise, waarvan 12 van die buise 'n kapasiteit van 5 000 ton het en die ander 6 buise, 1 300 ton elk. Dit bring die totale silokapasiteit van Koppies Silo op 67 800 ton te staan.

Senwes silobestuurder by Koppies, Ambrosé Viljoen, vertel dat die silo amper tot op sy volle kapasiteit gevul is gedurende die 2014 oes. Daar word hoofsaaklik witmielies ontvang, maar ook ander gewasse soos geelmielies, sonneblom, sojabone en sorghum. Ander nabygeleë silo's in die Koppies omgewing is Rooiwal Silo, wat 13 km ver is, gevolg deur Vrededorf, 34 km, Weiveld Silo, 35 km en Heilbron ongeveer 50 km vanaf Koppies.

PERSONEEL

Twee van sy personelede het al meer as 14 jaar diens, naamlik Paul Mofokeng (Kontrolebordbediener) en Andries Mokoena

(Algemene Werker). Dan het David Zondwani (Algemene Werker) vyf jaar diens, gevolg deur Silobestuurder Ambrosé Viljoen met drie jaar diens, Algemene Werkers David Moeketsi (drie jaar), Daniel Morallane (2 jaar) en die nuweling David Diboti (Junior Graangradeerder) met een jaar diens.

DIE TAK

Plaaslikes vertel dat Koppies se eerste Senwes tak in die 1960's in Kerkstraat geopen is. Die Senwesgebou, waar 'n meubelwinkel bedryf is, is van 'n Jood genaamd **Rozin** gekoop. Die gebou is steeds in die dorp met die ou huis waar die takbestuurder gebly het, steeds langsaan.

Aan die einde van die sestigerjare het die winkel na die nuwe perseel in Noordstraat verskuif, waar 'n ou Joodse sinagoge geleë was. Dit word vandag as die stoor gebruik en as jy mooi kyk, sal jy sien dat die ou fondasies

> VERVOLG OP BLADSY 18

Mycofix®

Proven protection.



Mycotoxins decrease performance and interfere with the health status of your animals.

Mycofix® is **the** solution for mycotoxin risk management.

BIOMIN Animal Nutrition (Pty) Ltd South Africa
Tel: 018 4681455
office.za@biomin.net

mycofix.biomin.net

Naturally ahead

≡ **Biomin®** ≡

Koppies

> VERVOLG VAN BLADSY 16

van die kerkie steeds daar is. Die volgende tak is daarna in 1987 in Spoorwegstraat geopen en in 2013 is die winkel opgeknip.

HENDRIK DE KLERK

Hendrik de Klerk is omtrent deel van die dorp. Hy was vir sewe jaar die verhoudingsbestuurder in die Koppies/Heilbron distrik en het vir ses jaar as takbestuurder diens gedoen, voordat hy onlangs na Kroonstad verplaas is. Een van sy hoogtepunte hier is die 2015 toekenning as Bedryfspunt: Besigheidsaanbod (B-tak) van die Jaar. Hy glo dat 'n oopdeurbeleid, Christelike beginsels asook die vier pilare gevorm deur klante, personeel, verskaffers en natuurlik hoofkantoor, die spil is waarom alles draai. Sy personeel is sy trots met veral Marina Zitzke, Hanna van den Bergh, Christa Pretorius, Corné Coetzee en Jaco van der Walt, op wie hy baie gesteun het. Hendrik glo dat elke tak, ook



Die Eeu van Genade (1838-1938) gedenk-
teken van die Ossewatrek, wat in 1938 ge-
vier is, is by die NG Kerk Moedergemeente.

Koppies verwelkom jou so!



Die huidige Koppies Hinterlandtak is die derde perseel in die dorp vanwaar daar handel gedryf word. Die eerste tak was reeds in die 1960's geopen.

Koppies, sy eie atmosfeer het en dit is met 'n swaar hart wat hy hierdie plek groet. Sy raad is dat personeel moet aanhou om opgewonde en fluit-fluit werk toe te gaan en sing-sing huiswaarts te keer.

BEKENDES VAN DIE DORP

Die welbekende digter, Olga Kirsch, is op 23 September 1924 in Koppies gebore. Sy het 'n hele paar digbundels die lig laat sien, soos *Negentien Gedigte*, *Die Soeklig*, *The Book of Sitrya* en *Oorwinterraars in die Vreemde*. Die huis waar sy gebly het, is ook steeds daar.

Die ander bekende skrywer van die streek is Topsy Smith. Die ouer garde sal hom onthou as die skrywer van die jeugverhaal

Trompie, wat later in 'n televisie-reeks omskep is, asook *Saartjie*, wat hy natuurlik onder die skuilnaam Bettie Naudé geskryf het. Die ouer geslag sal veral die TV-reeks van Trompie onthou, met Anton Goosen wat die bekende kenwysie, *Trompie en die Boksombende*, gesing het. Topsy het in Koppies gematrikuleer. Nog bekendes van die dorp is oud-direkteur van Senwes, Tobie Laubscher, sowel as die nasionale atleet, Maryna van Niekerk, wat hier grootgeword het.

KERKE

Van die kerke in die omgewing is die NG Kerk Moedergemeente, wat al sedert 1908 bestaan, nadat dit van die Vredefort, Heilbron en Kroonstad se gemeentes afgestig het. Die huidige kerk is op 18 Mei 1963 geopen. Die NG Kerk Koppies-Weltevrede se hoeksteen is op 16 Maart 1963 gelê.

EMILY HOBHOUSE

Daar is ook 'n gedenkteken by die NG Kerk Moedergemeente ter nagedagtenis aan die kantskool wat vanaf 1909 tot 1938 bedryf is. Dit is opgerig om hulde te bring aan die moed van veral twee vroue, Johanna Rood en Emily Hobhouse.



Hendrik de Klerk was vir jare die tak-
bestuurder by Koppies en het onlangs na
Kroonstad verskuif.

Ambrosé Viljoen heel bo op die silo's by Koppies. Hy is sedert 2014 die Senwes silobestuurder by Koppies.



OSSEWATREK

Op die NG Moedergemeente se kerkperseel is die Eeu van Genade (1838-1938) gedenkteken van die Ossewatrek, wat in 1938 gevier is.

VREDEFORTWEG KONSENTRASIE-KAMPBEGRAAFPLAAS

So entjie uit die dorp is die Vredefortweg Konsentrasiekamp-begraafplaas, waar 'n totaal van 507 mense gesterf het, waaronder 335 kinders onder die ouderdom

van 15 jaar en 172 persone bo die ouderdom van 15 jaar.

DAMME

Daar is drie groot damme in die distrik, naamlik die Koppiesdam, Weltevrededam en die Rooipoortdam. Generaal Christiaan de Wet het voorgestel dat die dam gebou word en in 1960 is die damwal verhoog. Die dam is ook bekend vir die bootwedrenne en visvang met karp, geelvis, onderbekke en

babers wat hier gevang word.

ROLBALKLUB

Sport is 'n belangrike aspek in die meeste dorpe. Die Koppies Rolbalkklub is egter die enigste oorblywende sportklub op die dorpie. Matty Lotter is vir die afgelope 15 jaar al die voorsitter van die klub. Hy noem dat die klub al in 1963 gestig is. Die klub is tans 10 lede sterk en is deur Bossie Hefer en 'n paar ander manne gestig.

GREENLANDS BOEREVERENIGING

Hermann Weiss is die afgelope 10 jaar al die voorsitter. Die vereniging het 42 aktiewe lede en hulle vergader een maal per maand in stiller tye. Hulle spesiale aktiwiteit is 'n jaarlikse 'rally', wat ten bate van die kerke en ander instansies op die dorp gehou word. ●

19



Knowledge grows

Winterlek

Meng jou eie lekke en spaar

Die belang van winterlekkies in die instandhouding van diere se liggaamsmassa en kondisie moet nie onderskat word nie. Maak gebruik van jou eie plaasgeproduseerde produkte saam met Yara Animal Nutrition SA se produkte en beproefde resepte en bespaar hierdie winter op lekkoste.

Kalori 3000 - Reg. Nr. V2809, Voergraad Ureum - Reg. Nr. V15681, Voergraad Swael - Reg. Nr. V16738, Kimtrafos 12 Grandé - Reg. Nr. V18670, PhosSure 12 - Reg. Nr. V12858. Alle produkte geregistreer onder Wet 36 van 1947.

Tel: +27 31 910 5100

Web: www.yara.com/animal-nutrition

E-pos: animal.nutrition.sa@yara.com

Voorbeeld van 'n winterlek vir beeste en skaape

	Beeslek	Skaaplek
Mieliemee/Hominy Chop	250	250
Oliekoek	-	150
Voergraad Ureum	150	100
Kimtrafos 12 Grandé/PhosSure 12	150	100
Kalori 3000	50	50
Voergraad Swael	7	5
Sout	350	350
Totaal	957	1005
Samstelling:	g/kg	g/kg
Ruproteïen	475	367
% Vanaf NPN	95.6	77.5
ME	3.8 MJ/kg	5.25 MJ/kg
Kalsium	41	27
Fosfaat	21	14
Swael	8	5
Inname Beeste (g/bees/dag)	350 - 500	450 - 650
Inname Skaape (g/skaap/dag)	Nie gesik vir skaape	80 - 120

* Voergraad Ureum kan lei tot ureum vergiftiging indien dit onoordeelkundig gebruik word. Lees aanwysings op sak noukeurig.

Hermann Weiss

Dubbel die passie

SENWES PRODUSENT, HERMANN WEISS,
HET VERSEKER DUBBEL DIE PASSIE IN
OMTRENT ALLES WAT HY DOEN!

« AUBREY KRUGER

Dit begin eers met 'n dubbel in sy naam en dubbel s in sy van. Dit maak Hermann dus 'n volbloed Duitser en hy is baie trots op sy Duitse herkoms. Hy vertel dat sy ma en pa nog Duits in hulle huis gepraat het en hy die taal nog kan verstaan. Die Duitse tradisie vir presisie het ook op hom afgeval en hy streef na 'n al hoër vlak van presisie in alles wat hy aanpak.

DUBBELE PASSIES: BOERDERY EN INGENIEURSWESE

Die boerdery was eintlik nie Hermann se eerste keuse vir sy toekoms nie. Hy het begin as 'n ingenieur by Sasol. Dit was toe dat sy pa Gerhard hom gevra het om te kies tussen sy die ingenieurspos by Sasol en die boerdery. Die boerdery het gewen en die res is, soos hulle sê, geskiedenis.

BOERDERY

Hermann boer op die plaas Vlakkul buite Koppies. Dit is pre-

sies tussen Heilbron en Koppies, sowat 30 km van beide dorpe.

Hierdie plaas se geskiedenis dateer terug na 1910. Twee passievolle generasies het voor hom hier geboer - sy oupa, Ernst Weiss, was die eerste Weiss op die plaas, gevolg deur sy pa, Gerhard, en daarna hyself.

Hermann is veral baie dankbaar vir die paar jaar wat hy saam met sy pa kon boer voordat sy pa en ma oorlede is.

Die boerdery word tans op sewe plase bedryf, wat in totaal sowat 4 000 hektaar beslaan, met 2 200 hektaar as saaigrond waar witmielies, geelmielies en sorghum verbou word.

Jy moet murg in jou pype hê om in hierdie gebied te boer met 'n reënval van tussen slegs 300 en 500 mm per jaar. Maar hier werk die produsente selektief met die tipe mielies wat hulle aanplant. Met die geenbewerkingsmetode op die goeie turf het hulle ook die plantestand aangepas om boerdery hier lewensvatbaar te maak, met die langtermyn gemiddeld wat

sowat 3.5 tot 4.5 ton per hektaar is.


Hermann vertel dat dit interessant is dat, alhoewel Sasolburg slegs 50 km van sy plaas af is soos die kraai vlieg, Sasolburg sowat 200 mm per jaar meer reën ontvang as gevolg van 'n mikroklimaat wat daar geskep word. Iets wat hy ook by sy pa geleer het, is dat as die wind só waai dat jy vir Sasol ruik, die kanse vir reën baie goed is.

Hermann noem dat die droogte van 2014 tot 2016 'n terugslag vir hulle was. Hy het vir 'n jaar na presisieboerdery oorgeskakel, maar dit was vir die afgelope paar jaar op ys vanweë die droogte en die baie insette wat dit verg. Maar die passievolle Duitse kanniedoodkarakter kom weer na vore wanneer hulle die proses weer van voor sal begin.

Hy plant gewoonlik dieselfde hoeveelheid van die drie gewasse, maar het die afgelope tyd slegs wit- en geelmielies geplant. Hy meen egter dat hy weer sorghum sal aanplant, waarvoor die area



Pa en seun! Hier is Hermann Weiss (regs) met sy seun Werner by een van die John Deere trekkers op die plaas.



Dié kenmerkende tekens verwelkom jou by die plaas Vlakkuil van die Weiss familie. Daar is ook 'n ou 'droptank' waarna meeste as die vuurpyl verwys, wat as maklike verwysing dien.



eintlik bekend is. Nog 'n impak van die droogte was dat hy 'n veevertakking gehad het, maar moes tydens die droogte halt roep met die kommersiële Simbras en Bonsmaras.

STEUN OP SENWES

Hermann se totale produksierekening is by Senwes en hy doen al vir 15 jaar besigheid met hierdie landboumaatskappy. Hy het ook baie lekker saam met Koppies se takbestuurder, Hendrik de Klerk gewerk. Hy noem ook dat Ramonde Odendaal en die Landboudienste span sy hele behoeftebepaling doen en totale boerderybestuur hanteer. Hy steun ook op graanbemarkingsadviseur, Chantelle Jansen van Rensburg, vir graaninligting en op sleutelrekeningbestuurder, Johan Jacobs, wat Hermann as "sy steunpilaar" beskryf.

Hermann het drie John Deere trekkers op sy plaas, asook 'n self-

aangedrewe John Deere spuit.

Hy lei ook die plaaslike boerevereniging en is vir die afgelope 10 jaar die voorsitter van Greenlands Boerevereniging.

ANDER PASSIES

Buiten boerdery en ingenieurswese, is sport 'n ander passie. Hy het rugby, krieket, tennis en muurbal gespeel, en as skrumskakel vir die Noord-Vrystaat Plattelandspan uitgedraf.

Hy is ook 'n tennisaanhanger en ondersteun graag sy neef, die Switserse tennislegende Roger Federer, wat nog elke jaar vir hulle kom kuier. Die vurige Duitse passie spreek ook duidelik uit die feit dat die voormalige Formule Een wêreldkampioen, Michael Schumacher, nog een van sy sporthelde is.

FAMILIE

Herman is al vir 21 jaar met Georgina getroud en hulle het

twee kinders, Werner en Estené, wat beide by die Pukke studeer.

En as jy deur die tuin stap met al die ou trekkers, implemente en ysterwerke, weet jy dat die handewerk in die tuin nog een van die produsent se passies is, terwyl sy vrou die res van die tuin en die boeke vir die boerdery behartig.

Alhoewel die jong Werner se kop nie tans vierkantig in die boerderyrigting staan nie, is alles gereed indien Werner wel sou besluit om as vierdegenerasie-produsent plaas toe te kom, soos sy pa meer as twee dekades gelede ook gedoen het. ●

Planter Monitor

- Speed per 100m per row, seed population
- Accurate seed bed and depth monitor
- Easy to install and maintain
- For tillage and turning of soils
- Can be used to detect problems
- Stand alone, just plug into your monitor

3 YEAR GUARANTEE

Cut losses with PRECISION Plant with VISION

ELECTROLEE

Process Monitor for AirSeeders

- Accurate
- Simple
- Suitable for 4 rows
- Monitor air seed function
- Easy to install
- Best of both worlds
- Best of both worlds

Tel: 012 345 3193
 Fax: 012 345 6763
 Web: www.electrolee.co.za
 Email: info@electrolee.co.za
 Sales: sales@electrolee.co.za

Van die Koppiesdistrik vir die kontrei

AS JY DIE GRAANBEMARKINGSADVISEUR BY KOPPIES, CHRISTELLE JANSEN VAN RENSBURG, IN SLEGS EEN SIN KON BESKRYF, IS DIT DAT SY IN WESE VAN DIE KOPPIESDISTRIK IS, EN IN HART EN SIEL DAAR VIR HAAR PRODUSENTE IS.

« AUBREY KRUGER

Hoewel Christelle nou eers 'n jaar en vier maande as Senwes graanbemarkingsadviseur in die gebied werksaam is, bly sy eindlik haar hele lewe in die distrik, waar sy al van kleins af geleer plant en stroop het.

Die blondekop is ook hier gebore en het haar laerskoolloopbaan by Sarel Cilliers voltooi, voor sy Hoërskool Heilbron toe is waar sy in 2009 gematrikuleer het. Sy ken dus hierdie produsente in wese en hulle vir haar. Al verskil nou is dat sy hulle net in haar posisie as Senwes graanbemarkingsadviseur diens.

DIENS IN 'N WYE AREA

Buiten Koppies, hanteer sy ook die gebiede by Rooiwal, Heuningspruit en Attie. Sy is grotendeels in Koppies gestasioneer en werk so een of twee dae van die week in Kroonstad.

Wat Christelle verder uniek maak, is dat sy regtig baie met haar produsente kommunikeer. Vanweë haar lang lys produsente, het sy selfs 'n Koppies Graanbemarking Whatsappgroep gestig, waarop sy maklik en deurentyd inligting aan hulle kommunikeer - eerstens markten-dense, die openingsprys en ook

die sluitingsprys. Om dit aan te vul, kommunikeer sy ook ander belangrike inligting aan die meer as 256 klante op die groep.

Dan hanteer sy elkeen op individuele basis, "want elkeen se inligting is uit die aard van die saak privaat en word ook as sulks konfidensieel hanteer." As relatiewe nuweling steun sy veral op senior graanbemarkingsadviseur by Senwes, Ben Brink, asook makelaar by Senwes hoofkantoor, Marcel Lombard. "Hulle het my baie geleer en gehelp en ek kry baie inligting van hulle af om my produsente optimaal te kan bystaan."

HAAR PRODUSENTE IS HAAR LEWE

"Ek is verskriklik erg oor my boere. Daarom is dit ongelooflik belangrik vir my om die beste prys vir hulle te kry." Sy ken die produsente van veral Koppies en Rooiwal, en tussen haarself en Ben Brink ken hulle almal van Heuningspruit tot Attie ook. "Ek verstaan hulle stories, want my pa is ook 'n boer," sê sy. Pa Gerhardus Strydom boer sowat 18 km op Koppiesdam-pad uit, waar Christelle ook grootgeword het. Om dit af te rond het sy ook op 22 April vanjaar met Fanie Jansen van Rensburg getrou, wat weer by Wonderheuvel tussen Sasolburg en Koppies boer.



Sy het 'n B.Com Menslike Hulpbronbestuursgraad, wat sy in 2013 in Potchefstroom behaal het en 'n jaar later het sy haar honneursgraad in Arbeidsverhoudinge behaal.

En alhoewel sy twee jaar in arbeidsverhoudinge gewerk het en al die wette en beleide ken, sal sy haar werk vir niks verruil nie.

"Ek ken my klante se situasies en hul stories. Dit is hoekom elkeen 'n spesiale plek in my hart het." Na al die kommunikasie en verhandelings in die oggendure, lees sy vanaf 12:00 graanverkope in en verrig 'n paar administratiewe take.

Hier hanteer sy elkeen soos hy hanteer wil word. Baie kom besoek haar by die takke en in die middag probeer sy 'n produsent op sy plaas besoek. Dan besoek sy ook die boereverenigings by Greenlands asook Renosterkop by Attie en Heuningspruit.

Een kardinale punt is dat sy alles in haar vermoë vir die klante doen. "Die oomblik as die prys opgaan dan laat weet ek hulle. Daarna is dit die produsent se verantwoordelikheid om te besluit wanneer om te verkoop." 



**JOU
DOELWITTE**



**ONS KUNDIGE
ADVIES**

SAAM BOER ONSE VIR DIE TOEKOMS

PANNAR se besproeiingsbasters handhaaf 'n uitnemende rekord van prestasie in die LNR proewe. Ons ondersteun jou met praktiese advies om die beste opbrengs te behaal. Gebruik dit tot jou voordeel.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



© Geregisteerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/IMAIZE/A/05



Steve Kinghorn is senter tot die produsent se sukses

OM TE SÊ STEVE KINGHORN IS IN DIE MIDDEL OFTEWEL 'SENTER' VAN ALLES, IS WAAR OP MEER AS NET EEN WYSE.

« AUBREY KRUGER

Om te begin, dié 59-jarige is 15 jaar gelede as kliëntadviseur by Senwes aangestel. Die pos het intussen al verskeie naamsveranderinge ondergaan. Sy loopbaan het as kredietinspekteur by Kroonstadstadak begin. Die posbenaming is later na kliëntadviseur verander. In 2004 word hy verhoudingsbestuurder by die Paryssentrum, met Parys, Heilbron, Sasolburg, Koppies en Vereniging wat hy hanteer het. In 2005 word hy insetbemarker in dieselfde gebied, met slegs Parys wat weggeval het.

Steve het jare se ondervinding en was 25 jaar by die Landbank en ook vanaf 2008 tot 2010 by Vrystaat Mielies werkzaam.

Vanaf 2010 is hy weer verhoudingsbestuurder by Senwes waar hy tot nou dié posisie beklee.

VIER STREKE

Wat sy werk aanbetref, hanteer Steve vier streke, terwyl baie ander net een of twee streke hanteer. Steve som homself op as 'n mensemens. En met sy geskiedenis kan jy verseker weet dat hy "daarvan hou om 'n pad met my kliente te stap."

Hy glo met sy hele wese dat "daar is nie 'n ding soos 'n probleem sonder 'n oplossing. As daar 'n probleem is, moet ons dit oplos. Dit is wat ek doen en ek

hou verskriklik baie daarvan. Dit is die lekkerste," sê Steve passievol.

WERKSETIEK

Wat werksetiek betref, is dit om "My bestaande klantebasis te behou en nuwes by te kry. Maar niemand mag afskeep word nie."

Sy primêre verantwoordelikheid is om die finansies van die produsent in plek kry. Dan ook om insette te verkoop en hulle te help om die fondse effektief aan te wend.

Met die droogte nog vars in die geheue praat hy ook produsente moed in en hanteer onder andere uitstelreëlings en reëlings rondom lenings vir hulle.

SENTER OP DIE RUGBY-MANIER

Die Despatch-gebore Steve het ook die voorreg gehad om met die Doring van Despatch, Danie Gerber, rugby te speel. Die twee het vier jaar, van standaard sewe, vir Hoërskool Despatch se eerste span uitgedraf en ook Cravenweek gespeel. Dié sportman het ook in krieket en atletiek uitgeblink.

Na skool het hy sy diensplig by Pretoria Lugmag voltooi, waar hy vir die SA Lugmagspan en SA Magtespan uitdraaf en was ook deel van die Noord-Transvaal o/20 span. Van 1980 tot 1986 speel hy rugby vir Oos-Vrystaat en ook selfs platteland krieket vir die Oos-Vrystaat en OP.

Steve is op 6 April 1958 in



Uitenhage gebore. Vir die ouer garde is dit toe Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het, net 306 jaar later. "Ek is maar 'n Jan van Riebeeck seun," skerts Steve.

HANTEER ALMAL DIESELFDE

Behandel almal dieselfde - Hy werk met drie takbestuurders, Hendrik de Klerk (Koppies), Wynand Nortjé (Heilbron) en Gustav Hauptfleisch (Vereniging) en tref glad nie onderskeid tussen hulle. Dit is sy motto en is ook van toepassing op sy produsente: "Ek behandel klein boere en groot boere presies dieselfde. Want daardie einste klein boer kan 'n groot boer word!" Op dié manier het Steve, danksy die genade van Bo, die titel as Beste Bemarker in 2016 by Hinterland losgeslaan. "Dit beteken baie vir my". Hy gaan ook nie daar stop nie en hoop dat hy dit weer in die nabye toekoms sal regkry.

Dié positiewe verhoudingsbestuurder is ook in die middel van sy familie. Hy is vir 35 jaar met Babsie getroud, het twee kinders, Kevin (30) en Darryl (24) asook een kleinseun, Ruben (5).

Dit is wie Steve is: 'n Positiewe mens wat glo dat die klant altyd eerste kom. En hoewel daar 'n paar opofferings gemaak word, is dit wie hy is - "Dit is my brood en botter." ●

10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30 31 32 33 34 35 36 37 38 39 40 41 42 43 44 45 46 47 48 49 50 51 52 53 54 55 56 57 58 59 60 61 62 63 64 65 66 67 68 69 70 71 72 73 74 75 76 77 78 79 80 81 82 83 84 85 86 87 88 89 90 91 92 93 94 95 96 97 98 99 100

ENGEN
DYNAMIC
Diesel

AgriTrac
Super
Universal



Engen is
in lid van die
PETRONAS Group

Dit betaal om jou hande vuil te maak.

ENGINE RESTORATION CHALLENGE

Powered by Engen

Restoureer 'n ou stilstaande enjin
en jy kan jou deel van R200 000 wen!

VOOR



NA



Besoek www.engen.co.za vir inskrywingsbesonderhede. Bs & Vs geld.

Met ons is jy Nommer Een



DOEN IETS POSITIEFS!



SKENK BLOED!

Nou is jou geleentheid om iets positiefs te doen en jou by die rooi beweging aan te sluit wat sy opmars deur Suid-Afrika maak. Maak seker jy het die beperkte uitgawe **Willard LifeSaver Battery** in jou winkel; en wys jou ondersteuning vir almal wat saamstem dat bloed op 'n gereelde basis geskenk moet word.



www.sanbs.org.za



WP Blood Transfusion Service
Do something remarkable

www.wpblood.org.za

Willard Batteries™
THE POWER OF TECHNOLOGY



www.willard.co.za

WERKSWINKELBESTUURDER: KOPPIES

Corné Coetzee

'n man van aksie

VISVANG MAG HOM
DALK NA KOPPIES
GELOK HET, MAAR DIT IS
DIE SENWES WERKSWIN-
KEL WAT HOM HIER BY
KOPPIES GEVESTIG HOU.

« AUBREY KRUGER

Senwes se werkswinkelbestuurder by Koppies, Corné Coetzee, is nou skaars 'n jaar in die pos en hy maak klaar 'n verskil hier.

Corné se doelwit is om die tak weer terug te bring na sy voormalige glorie van 'n paar jaar gelede. Sy mikpunt is om die werkswinkel so te verbeter dat dit weer op 'n vlak moet kom waar daar talle trekkertegnici in die veld is.

PRODUSENTE

Hy is 'n man van aksie en het

eerstens met die produsente in die Koppies en Heilbron omgewing begin gesels om te hoor waar hy hulle van diens kan wees. Dan hou hy ook sy vinger op die pols wanneer hy saam met sy span die produsente besoek, om sodoende eerstehands te ervaar wat hulle impak in die veld is.

Met 'n hele paar mededingers in die dorp is een van Corné se doelwitte spoedige en deeglike diens op 'n deurlopende basis te verskaf en die mededingers so uit te oorlê. Dan vertel hy dat nuwe trekkerverkope ook die werkswinkel baie positief bystaan met waarborge, ensovoorts, en die verkoops- en dienspersoneel lewer uitstekende diens in Koppies.

SY SPAN

Volgens Corné het hy ook 'n ongelooflike span, met Daan Hattingh en Wikus Gomes as trekkertegnici, Samuel Mkwanzani en Elias Sobea as assistente en vakleerling Victor Mthokwane.

Hy glo in sy span en lei hulle deur ferm te wees en almal oor dieselfde kam te skeer. "Ek verwag net elkeen se heel beste. Dit is goed genoeg vir my," sê Corné.

ONDERVINDING

Dié werkswinkelbestuurder het ook 'n magdom ervaring in die bedryf, aangesien hy eers 'n motorwerktuigkundige by Toyota was. Hy het selfs sy vakleerlingskap daar gedoen en was vanaf 2006 tot 2011 daar werk-saam. Van 2011 tot 2014 was hy 'n motorwerktuigkundige by Volkswagen, voor hy in Oktober 2014 by Senwes aangesluit het en vir die afgelope jaar die werkswinkelbestuurder by Koppies is.

Meer oor Corné is dat hy in Vanderbijlpark gebore is. Hy het in Bethlehem grootgeword, waar hy Graanveld Primêre Skool en Voortrekker Hoërskool bygewoon het, voordat hy na Kroonstad Hoërskool is, waar hy in 2005 gematrikuleer het. ●

Senwes en Agri SA loods Smart Agri-Risikobestuursplatform

ELKE BESIGHEID, INSTANSIE OF ORGANISASIE HANTEER EEN OF ANDER VORM VAN RISIKOBESTUUR, BEWUSTELIK OF ONBEWUSTELIK, WANNEER DAAGLIKSE BESLUIE GENEEM WORD. DIE LANDBOUBEDRYF VERSKIL OOK NIE EN DIT IS VERAL DIE GEVAL MET DIE BOER EN PRIMÊRE PRODUSENT.

« AUBREY KRUGER

Danksy die befondsing wat deur Senwes verskaf is, het Agri SA die Smart Agri-Risikobestuursplatform by die 2017 Nampo Oesdag geloods met die doel om sleutelrisiko's binne

die bedryf proaktief te identifiseer en te mitigeer.

HOEKOM IS DIT GELOODS?

Senwes en Agri SA is van mening dat die benadering tot risikobestuur geherevalueer moet word. Rampbestuur was 'n goed-ontwikkelde area binne Tesourie, maar verlede jaar se droogte-insident het bevestig dat die proses intussen ontoereikend en steriel geword het.

DIE VERSAMELING VAN INLIGTING HET DIE VOLGENDE BEWYS:

- Navorsing oor die totale risiko-profiel van landbou as hoofdoelstelling, is uiters belangrik;
- 'n Multi-dissiplinêre benadering tot risikobestuur word benodig;
- Die verhogende koste van droogtebystand in geïndustrialiseerde lande het 'n beleidsverandering vanaf noodsubsidies na langtermynselfstandigheid van landelike

gemeenskappe tot gevolg gehad;

- Die moderne denkwysse met betrekking tot risikobestuur blyk te fokus op die integrasie van risiko-evaluering, -verlaging, -mitigering, -reaksie en -herstel ten opsigte van die breër landbousektor; en
- Daar word aanvaar dat landbousikobestuur daarop gemik is om die waarskynlikheid te verhoog dat 'n huishouding, gemeenskap, stad of enige ander gebied in staat sal wees om verliese wat voortvloei uit 'n gevaar of ander bedreiging, suksesvol te weerstaan of daarvan te herstel.

NAVORSING WAT UIT HIERDIE PROJEK VLOEI, SAL OP DIE VOLGENDE GEMIK WEES:

- Verseker permanente beskerming teen of verlaging van die intensiteit van risiko's;
- Minimaliseer die ernstigheidsgraad van risikogevolge;
- Berei die sektor voor om toepaslik te reageer tydens en na die realisering van 'n risiko;
- Verlig swaarkry en voorsien in basiese behoeftes;
- Verhoog die mededingendheid van die voedselsektor relatief tot die internasionale wêreld.

Die projek sal bystand verleen met enige strategieë wat benodig mag word om die landbougemeenskap, regering en ander belanghebbendes en rolspelers by te staan na die realisering van 'n risiko, ten einde die vlak van funksionering voor die risiko, te herstel. Ten einde daarin te slaag, sal die



Omri van Zyl (HUB van AgriSA), Johannes Moller (President van AgriSA), Danie Minnaar (Senwes Voorsitter) en Francois Strydom (Senwes Groep HUB) gedurende die ondertekening om die Smart Agri-Risikobestuursplatform te vestig. Die bekendmaking was op 17 Mei 2017 tydens die Nampo Oesfees by Nampo Park naby Bothaville.



AgriSA President Johannes Moller en Senwes Voorsitter Danie Minnaar tydens die ondertekening van die Smart Agri-Risikobestuursplatform.

projek 'n holistiese benadering volg, met samewerking tussen die landbougemeenskap, die regering en ander belanghebbendes en rolspelers.

WAT HET NA DIE LOODSING BY NAMPO GEBEUR?

Vinnige aksie is geneem na die loodsing by Nampo Park en die eerste gesprekke tussen Agri SA en Senwes het op Dinsdag, 23

Mei plaasgevind. Die besprekingspunte het die volgende belangrike voorbereidende punte ingesluit:

- Doelwitte en fokus van die platform.
- Tydslyn en projekplan.
- Addisionele insette wat benodig word en moontlike belangstellende rolspelers.
- Agtergrond oor die fundamentele aspekte van die landboubedryf.

Dit is 'n unieke konsep en 'n eerste in die mark, wat tot voordeel van die voedselwaardeketting en derhalwe Suid-Afrika sal wees. Boere het genoeg uitdagings soos dit is en behoort nie hul sleutelrisiko's alleen te bestuur en te mitigeer nie. Die bedryf word gekwel deur klimaats-, politieke-, mark-, prys-, krediet- en tegnologiese risiko's en die doel van hierdie platform sal wees om die impak van sodanige risiko's te verlaag. ●

* Die Smart Agri-Risikobestuursplatform sal aanvanklik vir 'n periode van twee jaar bedryf word, onder die beskerming van Agri SA.

» Voeding volgens plantontwikkeling »

VOOR PLANT

MIELIES

KynoPlus®

Vir verbeterde stikstofdoeltreffendheid wat beskikbare stikstof in die grond verhoog.

KynoPlus® - mengsels:

Om stikstof, fosfaat en kalium doeltreffend in die grond te sit.

VROÛE VEGETATIEF, MET PLANT

KynoPop®

Vir 'n vinnige begin en sterk saailinge.

KynoPlus® - NPKS-plantermengsel

Om gedurende hierdie stadium in die mielieplant se lewende goeie potensiaal aan te lê.

MIDDEL VEGETATIEF, TOPBEMESTING

KynoPlus® en KynoPlus® - mengsels:

Effektiewe bemesting wanneer die voedingsbehoefte van die mielieplant geweldig toeneem.

Mielie OEMFF®:

'n Blaarvoeding om die effektiwiteit van die mielieplant te verbeter.

BLOMSTADIUM

Mielie OEMFF® B16:

Om gedurende stuifmeelstort, bestuiving en bevrugting in die spesifieke voedingsbehoefte te voorsien.

KynoPlus® -mengsels Foli-Grande of Foli-Plus:

Het die nodige voedingstowwe in, om graanvul te verbeter.

Met Kynoch se innoverende en pasmaak-produkte kan jy bemesting toedien volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadiums. So verseker Kynoch dat jou **mielieplante kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het.**

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.



Kynoch

Farmisco (Edms) Bpk.

h/a Kynoch Fertilizer Reg. Nr. 2009/0092541/07

011 317 2000 | info@kynoch.co.za


www.kynoch.co.za

KynoPlus® is geregistreer as kunsmis groep 1 – Reg. No: K8024,

KynoPop® Reg. No: K9101, Mielie OEMFF® Reg. No: K8702 en

Foli-Grande Reg. No: K8045

(Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)



JOU VISIE, *ons passie.*

Met 108 jaar se agri-ondervinding is Senwes jou volkome eenstop landboubesigheid en met 'n geïntegreerde besigheidsbenadering raak ons deel van jou besigheidsoplossing. Jou visie is ons passie.

Senwes 



www.senwes.co.za | www.senwes.mobi



GOSA SIMPOSIUM

weereens verrykend

EEN MAAL PER JAAR KOM DIE LAND SE GRAANOPBERGERS BYEEN MET DIE DOEL OM DIE WERKVERRIGTING BINNE DIE GRAANHANTERINGSBEDRYF TE BEVORDER. GOSA IS 'N ONAFHANKLIKE ORGANISASIE WAT JAARLIKS MET HIERDIE GELEENTHEID RELEVANTE INLIGTING NA SY LEDE BRING.

Vanjaar se sprekers was weereens van uitstaande gehalte en die immer gewilde Dr Roelof Botha het, soos in die verlede, 'n positiewe perspektief gebring. Hy is van mening dat die ekonomie vanjaar sal groei en dat landbou 1% tot die BBP-groeiakoers kan

bydra. 'n Verswakking van die rand word verwag, wat uitvoere sal ondersteun. Suid-Afrika het sedert 2012 'n netto uitvoerder van voedsel geword, droogtes ten spyte. Hy het genoem dat daar 'n massa intelligensie binne die regering bestaan en dat grondhervorming

soos dit tans gepropageer word, nie sal plaasvind nie.

Vier jaar gelede het Brett Archibald bewusteloos van 'n boot af geval in die Indiese Oseaan. Die bemanning was onbewus van die tragedie en hy het 29 uitdurende ure in die oseaan deurgebring voordat hy gered is. Die gebeurtenis het wêreldwyd opslae gemaak en dit was uiteindelik die gebede en geloof van sy familie en vriende wat hom deurgedra het. Sy boodskap was 'n inspirasie vir elke individu en organisasie wat onstuimige tye tegemoet gaan.

Japie Snyman is 'n handelaar by Seaboard Overseas Trading

> VERVOLG OP BLADSY 32 **31**

NARDI
HARVESTING

Die Nr. 1 Sonneblomtafel!
Voorraad NOU beskikbaar!

3 JAAR WAARBORG

Kontak ons vir meer inligting.

- (082) 787 6718 Chris (Ooste)
- (082) 333 1330 Francois (Kzn)
- (082) 859 5982 Lourens (Sentraal)
- (082) 707 6051 Jonathan (Weste)



Senwesters by GOSA 2017! Agter is Cornelius du Plessis (Silobestuurder Enselspruit), Braam Prinsloo (Silobestuurder Allanridge), Pieter Malan (Bestuurshoof Grainlink), Nico Els (Silobestuurder Hennenman), Hardé Lochenberg (Silobestuurder Hartbeesfontein), Gammat Davids (Silobestuurder Theunissen), Johan van der Berg (Silobestuurder Geneva), Barend Botha (Silobestuurder Magogong), Pieter Theron (Silobestuurder Potchefstroom), Giovanni Marais (Silobestuurder Raathsvlei) en Renier Vermaak (Hoof Beroking). Voor is Dries Fourie (Silobestuurder Jan Kempdorp), Carel Scheepers (Streeksbestuurder streek 2), Graham Lottering (Bedryfsbestuurder), Jenny Harmzen (Divisionele Hoof Finansies Grainlink), Mariana Beytell (Admin Assistent Graanhantering), Marietjie Grobler (Projekbestuurder), Tido Grimbeeck (Silobestuurder Bothaville), Ronnie Ladeira (Streeksbestuurder streek 1) en Gideon Ralepeli (Kontrakbestuurder).

> VERVOLG VAN BLADSY 31

& Shipping. Hy het statistiek en tendense aangaande die in- en uitvoer van graan- en vee-voedsel bespreek, asook die uitdagings wat met die bedryf gepaard gaan. Wêreldwyd sluit dit onder andere in natuurtoestande wat vraag en aanbod beïnvloed, infrastruktuur, gesondheidsprosedures by hawens, fitosanitêre vereistes, invoertariewe en die Amerikaanse kommandowurm.

Daar is met groot verwagting uitgesien na die aanbieding van die Carte Blanche aanbieder, Derek Watts. Hy het kortliks sy lewensverhaal vertel en toe verwys na 'n paar bekende ondersoeke, onder andere na digitale verslawing, plaas-aanvalle en vragmotorrooftogte, wat graandiefstal insluit. Sy raad aan afgevaardigdes was om 'n behoorlike nuusfilter te ontwikkel.

Die president van die Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies (SACAU) het sy uitgebreide ervaring met betrekking tot georganiseerde landbou in Afrika benut om die uitdagings op die kontinent toe te lig. Volgens Dr Theo de Jager het Afrika alles wat geld nie kan koop nie naamlik grond, goeie klimaat, water en die mense om te boer. Afrika het egter nie die voedselwaardekettings, finansiering, tegnologie en kundigheid om suksesvol te boer nie en hy bid dat die geld weldra voorgeskiet sal word om dit te ontgin. Kwessies wat voedselsekerheid in Suidelike-Afrika beïnvloed sluit in grondeise, hoë insetkoste, korrupsie, handelsooreenkomste, grensbeheer, wetgewing, eiendomsreg en die beskikbaarheid van finansiering. Hy waarsku teen die armoedestrik van boerdery op klein skaal en bevestig dat die tyd ryp is om die 46% onderbenutte grond in Afrika te ontgin. 📍

JOCK
EXCEPTIONAL NUTRITION

**ERVAAR
DIE VERSKIL
VAN
Uitsonderlike
VOEDING**

jockdogfood.co.za



JOU VISIE, *ons passie.*

Presisieboerdery is 'n bestuurshulpmiddel wat die produsent in staat stel om die optimum finansiële opbrengs op beleggings te realiseer vir elke area of sone binne 'n boerdery-eenheid. Skakel ons inbelsentrum by 018 464 7550/3.



www.senwes.co.za | www.senwes.mobi






JOU VISIE, *ons passie.*

Grainlink het 'n netwerk van graansilo's, deurvoerpunte en verkrygingskantore vir die hantering, berging en bemarking van jou somer- en wintergraanoes. Verder bied Senwes se aanlyn basisverhandelingsplatform, Basislink, beide kopers en verkopers van graan die geleentheid om 'n premie te beding by 'n spesifieke silo.



Ken jou Certisure Makelaar

PAUL ELS



◀ AUBREY KRUGER

WAT DOEN JY BY CERTISURE? WAT BEHELS JOU TAKE?

Ek werk onder agentskap by Certisure en is verantwoordelik vir die instandhouding van die korttermynversekeringsboek in my area (Heilbron, Koppies, Parys, Vredefort, Sasolburg en Gauteng). My primêre taak is die bemaking van korttermynversekering, oesversekering en die inkomstebeskermingsproduk.

HOE HET JOU LOOPBAAN TOT NOU GEVORDER?

Ek het vir agt jaar by Senwes Landbouontwikkeling gewerk en daarna vir 16 jaar geboer. In 2001 het Senwes my genader om korttermyn- en oesversekering op 'n deeltydse basis te verkoop en ek het intussen het ek ook 'n agentskap by Certisure bekom.

WAAR IS JY GEBORE EN WAAR HET JY GROOTGEWORD?

In Heilbron (Primêre Skool Vegkop en W P Hoërskool gematrikuleer).

WAT WAS JOU PLANNE NA SKOOL?

Ek wou boer. Na my landboudiploma het ek by Senwes Landbouontwikkeling aangesluit, daarna in 'n vennootskap geboer en toe vir myself geboer.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AAN JOU KLIËNTE SAL GEE?

Maak seker dat jy die voorwaardes van jou polis nakom en presies weet wat verseker is. Doen besigheid met 'n makelaar wie se integriteit nie betwyfel word nie en wat die ekstra myl vir jou sal loop.

WAT DOEN JY IN JOU VRYE TYD? STOKPERDJIES?

Ek is erg oor jag en is tans besig met restourasiewerk aan my huis.

FAMILIE?

Ek is deur genade van Bo 38 jaar met Petra getroud en ons het 'n seun, PJ (32) en 'n dogter Welme (25). Ons het ook 'n kleinseun, Jovan (4).


Paul se kantoor is by Senwes op Heilbron. Kontak hom of sy kantoordame, Antoinette Els, by 058 852 3042 en 082 806 9371 of e-pos Antoinette.els@certisure.co.za. 📍

WORTEx

by Nastec

MultiPower

4" Submersible pumps with integrated electronics powered by renewable energy sources.



The future of water

prodlist
demand supply trust

Available at selected dealers nationwide. For more information visit us at www.prodlist.co.za

Bestuur van ondergrondsuurheid

DIE ONDERGRONDSUURHEIDVERSKYNSEL KAN NATUURLIK VOORKOM IN HOË REËNVALGEBIEDE, OF KAN ONTSTAAN DEUR ONOORDEELKUNDIGE OF OORMATIGE STIKSTOFBEMESTING EN DIE VERSUIM OM DIE BOGROND GEREELD TE BEKALK.

Daar word toenemend deur adviseurs bevind dat ondergrondsuurheid meer begin voorkom in die laer reënvalgebiede, wat gewoonlik gepaard gaan met die praktyk van stikstoftoediening voor plant. Die plasing van die stikstofbemesting is gewoonlik dieper as waar die bekalking plaasvind. Op die gronde waar ondergrondsuurheid waargeneem word, moet die kalk dieper ingewerk word om die grondsuurheid te neutraliseer, aangesien die neutralisering baie stadig vanaf die bogrond na die ondergrond oorgedra word. Die dieper plasing van kalk is 'n duur proses wat met gespesialiseerde of aangepaste toerusting gedoen moet word. Hoë koste van die bepaalde aksie en die ongereelde bekalking van die bogrond veroorsaak dat die probleem van ondergrondsuurheid

vererger, wat negatiewe gevolge het op die produksie van die gewasse. Die grondprofiel se diepte word vlakker as gevolg van die chemiese beperking vir die ontwikkeling van plantwortels, wat tot gevolg het dat vog in die ondergrond nie benut kan word nie. Indien dit nie aangespreek word nie kan ernstige nagevolge, soos opbrengsverliese, voorkom. Tabel 1 gee 'n aanduiding van die hoeveelheid suiwer CaCO_3 wat benodig word vir die neutralisering van die suur veroorsaak per kilogram suiwer stikstof (N) toegedien as kunsmis (Moore, 1998).

Jaarliks word stikstof toegedien en nie alles wat toegedien word, word deur die gewasse opgeneem nie, wat dan loog deur die grondprofiel. In Tabel 1 kan gesien word wat die neutraliseringsbehoefte is en hoeveel kalk

benodig word. Kalk wat toegedien word, beweeg baie stadig in die grondprofiel in as dit nie ingewerk word nie. By normale bewerking word kalk in die boonste gedeelte van die grondprofiel ingemeng. Die stadige beweging van die kalk in die profiel is ongeveer 8 to 12 mm per jaar, afhangend van die tekstuur van die grond en indien die bekalkte gedeelte van die profiel op 'n gunstige pH gehandhaaf word. Die afwaartse beweging of neutralisering vind plaas deur wortelwerking en insek-aksies van byvoorbeeld erdwurms. Indien 'n volgehoue kalkprogram oor jare gevolg word, is dit hoogs waarskynlik dat ondergrondversuring nie so radikaal vinnig sal plaasvind soos tans die geval is nie. 'n Aanvaarbare praktyk is om die helfte van die ondergrond se kalkbehoefte ook toe te dien saam met die bogrond se bekalkingsbehoefte. Die bestuurspraktyk moet volgehou word as gevolg van die stadige beweging van die kalk in die grondprofiel.

'n Gips- en kalkkombinasie kan toegedien word om die neutralisering van ondergrondsuurheid te bespoedig indien seskwioksiede teenwoordig is. Die toediening daarvan moet met omsigtigheid geskied omdat daar loging van magnesium en kalium vanuit die bogrond na die ondergrond kan plaasvind in lae kleipersentasie gronde. 'n Veilige verhouding gips en kalk is 20% gips en 80% dolomitiese kalk. Dit is raadsaam om dolomitiese kalk, wat magnesium bevat, met die gips te meng om die loging van magnesium teë te werk. 

Tabel 1: Neutralisasiebehoefte van die versuring van stikstofbevattende kunsmis met CaCO_3

Stikstof-kunsmis	CaCO_3 benodig om stikstof toevoeging te neutraliseer (kg CaCO_3 /kg N) Geen loging	CaCO_3 benodig om stikstof toevoeging te neutraliseer (kg CaCO_3 /kg N) 100% geloog
Ammonium sulfaat	3.6	7.1
Ammonium nitraat	0	3.6
Ureum	0	3.6
DAP	1.8	5.4
Kalium nitraat	-3.6**	0
Natrium nitraat	-3.6**	0

** Neutralisering deur die kunsmis self

Grasland50

GRASLAND SE 50-JAAR VIERINGE HET BY NASIE IN GESPREK BY DIE NAMPO OESDAG 2017 AFGESKOP.

Grasland, 'n leier in die produksie van landboukalk, vier vanjaar sy 50ste bestaansjaar. Verskeie vieringe sal gehou word, wat 'n hoogtepunt in November bereik, die maatskappy se verjaardagmaand. Besturende direkteur, Etienne Schoeman, het die vieringe afgeskop tydens 'n spesiale geslote sessie van Nasie in Gesprek, wat by die Nampo Oesdag in Bothaville opgeneem is.

Nasie in Gesprek aanbieder, Theo Vorster, was die gasheer van 'n paneel met Etienne Schoeman, hoof uitvoerende beampte van Fertasa (Fertiliser Association of Southern Africa), Dr Pieter Haumann en Martiens du Plessis van NWK Landboubestuursdienste.

Etienne het aangekondig dat die maatskappy verskeie aktiwiteite en geleenthede gedurende die jaar aanbied om hul halfeeu te vier en dat die opname met eksklusiewe belanghebbendes en klante gedeel sal word.

Etienne het afgeskop dat die hoofrede vir die bestaan van die maatskappy is om grondsuurheid aan te spreek. "Grondsuurheid is 'n groot probleem; daar is bewys dat dit een van die grootste enkele redes vir laer oesopbrengste is."

Pieter het bygevoeg dat grondversuring 'n natuurlike proses is wat as gevolg van die verdunning en afloop van kalsium en magnesium weens reën voorkom. Die byvoeging van bemesting, wat

nitrate vorm, affekteer ook grondsuurvlakke. Om dié situasie reg te stel, moet kalk konstant tot die grond toegedien word.

Pieter sê die maatskappy moet geregistreer wees om kalk te myn en te verskaf. "Die bedryf is gereguleer. Om effektief te wees, moet die kalk van 'n spesifieke kwaliteit wees."

Etienne wys daarop Grasland hul eie hulpbronne besit. "Ons het geen afnemerooreenkomste - ons bedryf ons besigheid met geldige lisensies en moet voldoen aan die Gesondheid en Veiligheidswetgewing in Myne sowel as alle wetgewing wat van toepassing op die mynbedryf is, soos die MPRDA."

Martiens sê dat die gebrek aan kalktoedienings 'n verswakking van grondgesondheid het. "Die situasie vererger omdat die produsent onder finansiële druk is en die aankoop van kalk nie hoog op sy insetverskaffingslyste is."

Etienne noem dat die toediening van landboukalk een maal elke drie jaar moet plaasvind. "Daar is bewys dat beter opbrengste die gevolg is van algemene verbetering wat kalk bied, dit beteken dat die proses homself binne die eerste jaar na toediening terugbetaal."

Die gesprek het op 'n uiters tegniese en wetenskaplike vlak voortgeduur. Daar is konsensus bereik dat landboukalk 'n uiters



Grasland vier 50 jaar by Nampo Oesdag 2017! Grasland besturende direkteur, Etienne Schoeman, was deel van die paneelbespreking tydens die 50 jaar vieringe met Esmond Coen (Grasland Bemarkers - Produkbestuurder) wat die gehoor verwelkom het.

belangrike faktor is vir die produksie van hoër opbrengste. Dr Haumann het die sessie afgesluit met 'n bondige voorlegging van die Fertasa Handboek wat, volgens die Fertasa webtuiste, "hoofsaaklik geskryf is vir persone wat op een of ander wyse betrokke is in die kunsmisbedryf in 'n adviserende hoedanigheid. Die bedoeling is nie dat die boek 'n volledige tegniese handboek is, maar eerder 'n beknopte handboek wat 'n wye reeks onderwerpe dek. Boere en studente wat belang stel sal vind dat dit 'n nuttige gids is. Dit word ook as deel van die landboukurrikulum voorgeskryf by sekere Technikon en Universiteite in Suid-Afrika."

Die boek kan op die Fertasa webtuiste, www.fertasa.co.za, bestel word. 📖

Samesmelting en Skenkingbelasting

BOEDELBEPLANNING
KAN 'N EENVOUDIGE
OEFENING WEES, INDIEN
EERSSTERWENDE GADE
SY HELE BOEDEL AAN DIE
LANGSLEWENDE BEMAAK,
OF MEER KOMPLEKS,
VERAL BY DIE BOERDERY-
GEMEENSKAP.

« LUCAS COETSEE
LIBERTY REGSPESIALIS

In sulke gevalle kan jy 'n testament kry waarvolgens gades, getroud in gemeenskap van goedere, hul boedels of 'n deel van hul boedels “saamsmelt”. Hier moet mens verstaan wat “samesmelting” beteken en wat die praktiese en belastinggevolge hiervan is.

WAT IS SAMESMELTING?

Die aparte boedels van gades word saamgesmelt en gekonsolideer in een boedel by die dood van eerssterwende gade. Dit beteken dat enige twee persone onder 'n gesamentlike testament hul afsonderlike boedels of sommige van hulle bates kan saamsmelt.

Indien kliënte samesmelting as deel van hul boedelbeplanning wil inkorporeer, moet dit in die boedel en in terme van die gesamentlike testament bepaal word.

Die oorlewende kry gewoonlik 'n voordeel in die vorm van 'n beperkte reg of 'n lewensreg van die saamgesmelte boedel. Beperkte reg kan in die vorm van 'n vrugge-

bruik, fidusiêre belang, annuïteit of enige ander beperkte reg wees.

So 'n saamgesmelte boedel word gevorm uit die afsonderlike boedels van 'n afgestorwe persoon en 'n persoon wat nog lewe, deur voorsiening te maak vir die samesmelting in hul gesamentlike testament.

Wanneer afsterwe plaasvind:

- Moet die oorlewende kies of hy die voordele aanvaar waarop hy geregtig is ingevolge die gesamentlike testament;
- en of hy eienaarskap van sy aandeel in die saamgesmelte eiendom opgee.

Indien die oorlewende gade besluit om nie hierdie voordele te aanvaar nie, sal hy eienaarskap en beheer van sy eie boedel behou, waar samesmelting nie sal plaasvind nie.

Die oorlewende sal 'n keuse hê om te voldoen aan die samesmeltingsinstruksie van die gesamentlike testament, of om dit te weier.

Indien die oorlewende kies om die effek van die samesmelting wat deur die gesamentlike testament geskep is, te weier, sal die boedel van die eerssterwende party volgens die gesamentlike testament (sover moontlik) afgehandel word sonder om die bates van die oorlewende in ag te neem.

Voorbeeld van 'n “samesmeltingklousule” in 'n testament.

SPESIALE BEMAKING

“Ons bepaal vir doeleindes van hierdie bemaking, dat ons gemeenskaplike boedel saam-

gesmelt word en as geheel gehanteer word. Ons bemaak ons Karoo plaaseiendom met al die vee in gelyke dele aan die Testatrise se seuns A en B, onderhewig aan die lewenslange vruggebruik van die oorlewende van ons en vry van die verpligting om enige sekuriteit te verskaf.”

Kom ons kyk na hierdie voorbeeld:

- Peter en Britney is getroud in gemeenskap van goedere;
- Hulle het hul gesamentlike boedel saamgesmelt in terme van hul gesamentlike testament, met die plaas wat op hul kinders oorgaan, onderhewig aan die oorlewende wat vruggebruik oor die genoemde eiendom het;
- Peter sterf eerste;
- Britney aanvaar die bepaling van die testament.

'n Mens moet verstaan dat Britney haar een helfte van die gemeenskaplike boedel vervreem en in ruil vergoeding kry danksy vruggebruik oor die eiendom. Indien die waarde van die vruggebruik minder is as haar een helfte van die gemeenskaplike boedel, sal die bedrag wat die waarde van die vruggebruik oorskry, 'n geagte skenking wees ingevolge artikel 58 van die Inkomstebelastingwet.

Komplekse finansiële planne lei meer dikwels tot negatiewe belastingimplikasies en gevolge vir familieledes. Dit berus by jou finansiële raadgever om met ander gekwalifiseerdes 'n plan op te stel wat jou behoeftes aanspreek, met minimum ontwigting. 

DEKALB® EN JY...

Geelmielies

Nuwe kultivars

DKC64-54BR
DKC65-52BR
DKC68-50
DKC68-54B
DKC68-56R
DKC68-58BR
DKC71-42
DKC71-44B
DKC74-20
DKC74-24B
DKC74-26R
DKC74-74BR

Bestaande kultivars

DKC61-90
DKC62-84R
DKC64-78BR GEN
DKC73-72
DKC73-70B GEN
DKC73-76R
DKC73-74BR GEN
DKC80-30R
DKC80-40BR GEN

... saam vorm julle 'n vennootskap van kennis wat sal sorg vir die regte kultivarkeuse wat aan jou behoeftes sal voldoen. Met **DEKALB®** as deel van jou boerdery is dit maklik om trots te voel op dit wat jy doen. Boonop weet jy dat Monsanto deurentyd dáár is vir jou. Ons doen voortdurend navorsing om ons reeds uitstekende **DEKALB®**-kultivars te verbeter sodat ons mielibasters ooreenkomstig jou behoeftes kan lewer. Ons tegnologie en navorsing, gerugsteun deur professionele diens en advies, dra by tot jou volgehoue sukses. Só oortref ons jou verwagtinge keer op keer.



Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of
customercare.sa@monsanto.com

 www.monsanto.com
 www.facebook.com/MonsantoCo
 www.twitter.com/MonsantoCo

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.





Safex Scenario's met Susari

SUSARI GELDENHUYS

INLEIDING


Suid-Afrikaanse graanpryse is bekend daarvoor om besonders volatiel te wees weens onsekerheid oor wat die toekoms mag inhou vir die graanmark. Toekomstige voorraadvlakke, invoere, hektare aangeplant en opbrengste is slegs 'n paar van die faktore wat onsekerheid (en dus prysvolatilititeit) in die mark veroorsaak het. Die onlangse oorgang van die ou seisoen met lae voorraadvlakke na die nuwe seisoen met meer gunstige produksieverwagtings, is 'n klinkklare bewys. Hierdie volatiele omstandighede bemoeilik goeie verskansings- en beleggings-besluite vir alle markdeelnemers. Daar bestaan egter twee algemene hulpmiddels in die vorm van fundamentele analise en tegniese analise, wat sal bydra tot 'n hoër waarskynlikheid van sukses wanneer so 'n besluit oorweeg word.

Fundamentele analise en die basis van tegniese analise is reeds in vorige artikels bespreek. Die vorige paar artikels het gefokus op die bepaling van ondersteunings- en weerstandsvlakke. Die onderstaande artikel gaan spesifiek fokus op die gebruik van Fibonacci-getalle as 'n tegniese indikator.

FIBONACCI – AGTERGROND

Die unieke getallereeks bekend as Fibonacci is in die dertiende eeu deur die Italiaanse wiskundige, Leonardo Pisano, ontdek. Fibonacci is 'n reeks waar die volgende getal bereken word deur

die som van die vorige twee getalle. Dus: 1, 1, 2, 3, 5, 8, 13, 21, 34, 55, 89, 144, ens. Pisano het die voorkoms van die getallereeks opgemerk gedurende 'n ondersoek na die verwagte populasie-aanwas van hase. Die unieke getallereeks is daarna deurlopend in die natuur opgemerk. Van die bekendste voorbeelde sluit in die Nautilus skulp (Figuur 1), saadkoppe (soos die Sonneblom – Figuur 2), die natuurlike spiraal in sterrestelsels (Figuur 2) en orkane (Figuur 2), om slegs 'n paar te noem.



Figuur 1. Nautilus Skulp

BRON: <http://invivomagazin.sk>




Figuur 2. Fibonacci in die natuur

BRON: <http://designschool.canva.com>

FIBONACCI – TEGNIESE ANALISE

In die finansiële wêreld is die Fibonacci-getallereeks ook gebruik, maar spesifiek in tegniese analise word die getallereeks geanaliseer in terme van persentasies. Die verwantskap word as volg voorgestel: 23.6%, 38.2%, 50%, 61.8%, 78.6%, 100%. Hierdie verwantskap kan dienoreenkomstig, in veral oorwegende opwaartse of afwaartse tendense, gebruik word om ondersteunings- en/of weerstandsvlakke te identifiseer deur die Fibonacci-persentasies te koppel aan die prysbewegingspersentasies. Fibonacci kan dus op twee verskillende maniere geanaliseer word, naamlik terugtrekkings (retrace-ments) en projeksies.

Indien 'n beduidende hoog en laag bepaal kan word (soos grafies voorgestel deur Grafiek 1), is dit moontlik om verskeie vlakke vir **terugtrekkings** binne die hoog en laag te bepaal. Grafiek 1 dui op 'n afwaartse tendens (met Punt A en Punt B die hoog en laag onderskeidelik), met terugtrekkings (Punt C – Punt E) op die 61.8% Fibonacci-lyn. Let wel dat



Grafiek 1. Fibonacci-Terugtrekking

BRON: SAAMGESTEL DEUR OUTEUR.



Grafiek 2. Fibonacci-Projeksie

BRON: SAAMGESTEL DEUR OUTEUR.

die mark ook verskeie kere ondersteuning gevind het op 38.2% (Punt F – Punt H). Hieruit kan gesien word dat markpryse geneig is om rondom Fibonacci-vlakke te beweeg. Dus kan moontlike ondersteunings- en weerstandsvlakke bepaal word.

In die geval waar 'n aanvanklike tendens (hoog en laag) bepaal is, met pryse wat regstellings gemaak het, is dit verder moontlik om ondersteunings- of weerstandsvlakke te bepaal vir 'n voortsetting van die aanvanklike tendens.

Grafiek 2 illustreer 'n aanvanklike afwaartse tendens, waarna 'n tydelike regstelling plaasgevind het. Deur Fibonacci te gebruik, kon bepaal word dat moontlike ondersteuning gevind kan word by die 23.6%, waarna 38.2%, 61.8%, ens., as ondersteuning dien indien

bogenoemde vlakke nie hou nie. Punt A – Punt C (Fibonacci-vlakke 23.6%, 38.2%, en 61.8%) in Grafiek 2 dui op pryse wat aanvanklik ondersteuning gekry het, maar nie volgehou kon word nie. Pryse het finale ondersteuning op Punt D (Fibonacci-vlak 161.8%) gevind. In hierdie geval vorm pryse dus 'n nuwe beduidende laag en word die Fibonacci-analise aangepas om sodoende meer akkurate Fibonacci-vlakke te bepaal.

SLOT

Deur slegs 'n redelike begrip te hê van die bostaande inligting, is u reeds 'n stappie voor die res. Dit is voordelig om tegniese analise met fundamentele analise te kombineer om sodoende die beste moontlike besluit te kan neem,

aangesien 'n breek deur 'n langer termyn ondersteunings- of weerstandsllyn gewoonlik gekoppel kan word aan fundamentele vraag- en aanbodfaktore wat verander.

Tegniese prysgrafieke bied analiste die geleentheid om die verhouding tussen vraag en aanbod visueel voor te stel en kan moontlike veranderings in hierdie verhouding deur verskeie prysformasies aangedui word. Met ondersteunings- en weerstandsllyne as basis, bestaan verskeie formasies en tegniese indikatore wat geanaliseer kan word om moontlike koop- en verkoopseine te genereer. Die komende artikels fokus op die interpretasie van verskeie formasies en tegniese indikatore.

Vir meer inligting of om kompetende opsiepryse op 'n groot verskeidenheid kommoditeite te bekom, skakel gerus vir Susari Geldenhuys by 018 464 7430 of 072 116 9999 of e-pos haar by Susari.Geldenhuys@senwes.co.za. 📧



Mei en Junie 2017: Markverwikkelinge

THYS GROBBELAAR

SENIOR GRAANANALIS, SENWES GRAINLINK

Artikel geskryf 12 Mei 2017

DIE DOEL VAN DIE ARTIKEL IS OM 'N BREË MARKOORSIG VAN DIE BELANGRIKSTE GRANE EN OLIESADE TE GEE, AANGESIEN DAAR 'N REDELIKE TYDSVERLOOP TUSSEN DIE SKRYF VAN DIE ARTIKEL EN DIE PUBLIKASIE DAARVAN IS.

Prysdrywers in die graan- en oliesademarkte


INTERNASIONALE BEÏNVLOEDINGSFAKTORE

Wisselkoersbewegings

Die rand/dollar wisselkoers het van die veranderlikes wat op die kommoditeitspryse van Suid-Afrika inwerk, seker die grootste korrelasie. Die politieke verwikkelinge, veral op finansiële terrein, het die rand/dollar wisselkoers die afgelope tyd wipplank laat ry. Die tendens kan van grafiek 1 afgelei word. Indien die rand een sent teenoor die dollar verswak, kan dit 'n berekende verswakking van R1.41 per ton op die Suid-Afrikaanse witmielieprys beteken. Vir die periode 23 Maart 2017 tot 10 April 2017 het die rand R1.49 teenoor die dollar verswak, wat 'n berekende styging van R210 in die witmielieprys beteken het. Die witmielieprys het in der waarheid met R339 per ton vir die periode gestyg. Die Amerikaanse mielieprys het gedurende die tydperk met 10 sent per skepel gestyg. Hierdie veranderlike het 'n



Grafiek 1. Die R/\$-wisselkoersbeweging.



Grafiek 2. Die langtermyn spotprys (in c/bu) van geelmielies oor 'n seisoen op Chicago Board of Trade teenoor die 2017/18-prys.



wesenlike effek op die kommoditeitspryse, maar is baie moeilik voorspelbaar.

Internasionale kommoditeitspryse

Groot oordragvoorrade en relatief gunstige groeitoestande oor die grootste deel van die wêreld, plaas redelike druk op die internasionale pryse van byvoorbeeld mielies,

koring en sojabone. Grafiek 2 dui die seisoensprysverloop van geelmielies op die Chicago Termynbeurs aan. Die grafiek dui 'n redelike sywaartse beweging aan. Die Amerikaanse mielieprys het redelik gedaal die afgelope drie seisoene. Die relatiewe lae Amerikaanse geelmielieprys plaas wel druk op die Suid-Afrikaanse wit- en geelmielieprys.

Die kaart regs dui die grondvog-toestande in die VSA aan. Te veel reën is tans eerder 'n probleem as te min reën. Dit as sulks plaas groot druk op die Amerikaanse mielierys.



Grafiek 3. Light sweet ru-olieprys/vat (Reuters).

Energiepryse

Soos bekend gebruik die Amerikaners ongeveer 35% van hul totale mielieoes om etanol te produseer. Die verbruik is 44% van hul plaaslike verbruik. Uitvoere is dan uitgesluit. Die Internasionale ru-olieprys het redelik teruggesak, wat op sy beurt negatief inwerk

op etanolpryse. Teen die huidige prysvlakke van Amerikaanse mielies maak sewe van die grootste etanolaanlegte in die VSA 'n bruto marge van tussen \$0.24 en \$0.43 per skepel. Dit is maar 'n geringe marge en dit gaan waarskynlik die mielierysbeweging redelik beperk.

Prysdrywers in die plaaslike graan- en oliesademarkte

Wit- en geelmielierystendense op die Suid-Afrikaanse beurs

Met die derde oesskatting van die Nasionale Oesskattings Komitee (NOK) vir hierdie seisoen blyk dit dat die tweede grootste oes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gaan realiseer. Die kans is ook groot dat die skatting nog hoër aangepas kan word. Dit bring mee dat volgens die berekeninge van die National Agricultural Marketing Council (NAMC), daar 'n uitvoerbare surplus van ongeveer 1,3 miljoen ton witmielies en 1,2 miljoen ton geelmielies gaan wees. Om hierdie rede verhandel die wit- en geelmielierys tans in die omgewing van die berekende uitvoerpariteit. Die verskil tussen die berekende in- en uitvoerpariteit kan tot R2 300 per ton wees afhangend van waar in- en uitvoer word.

Die berekende uitvoerpariteit van witmielies is met die skrywe van die artikel ongeveer R100 per ton laer as die JSE kontantprys. Uitvoere sal waarskynlik nog suksel om op dreef te kom, tot tyd en wyl die JSE prys nader aan die berekende uitvoerpariteit beweeg.

> VERVOLG OP BLADSY 44

Tabel 1: Die berekende uitvoerpariteite van Suid-Afrikaanse witmielies na Suid-Oos Asië.

Mielie-oorsprong: Randfontein			Vragkoste voordeel			USA-\$11			
Leweringspunt: Suid-Oos Asië			Basis CBT na FOB(\$/t)			\$22			
Datum: 10 Mei 2017			Kwaliteit premie:			\$5			
		VSA CBT geelmielierys (\$/bu)							
Wisselkoers		3,40	3,50	3,60	3,70	3,80	4,00	4,20	4,40
R/\$	12,50	R1 536	R1 585	R1 635	R1 684	R1 733	R1 831	R1 930	R2 028
	12,75	R1 579	R1 629	R1 679	R1 729	R1 779	R1 880	R1 980	R2 081
	13,00	R1 621	R1 672	R1 724	R1 775	R1 826	R1 928	R2 031	R2 133
	13,25	R1 664	R1 716	R1 768	R1 820	R1 873	R1 977	R2 081	R2 186
	13,50	R1 706	R1 760	R1 813	R1 866	R1 919	R2 025	R2 132	R2 238
	14,00	R1 792	R1 847	R1 902	R1 957	R2 012	R2 122	R2 233	R2 343
	14,50	R1 877	R1 934	R1 991	R2 048	R2 105	R2 219	R2 333	R2 448

Mei en Junie 2017

> VERVOLG VAN BLADSY 43


Grafiek 4 dui die prysverloop van die witmielie Julie 2017 kontrak op die JSE aan. Sedert Desember 2016 het die witmielieprys konstant gedaal tot en met einde Maart. Die verswakking van die rand het wel die prys met tye ondersteun die afgelope tyd. Die prys gaan waarskynlik op hierdie vlak bly totdat dit duidelik is dat daar wesenlike hoeveelhede witmielies uitgevoer word. Die rand kan, soos reeds bespreek, ook 'n wesenlike effek op die prys hê.

Oliesadekompleks


Sonneblom en sojabone

Na aanleiding van die derde oeskatting van die NOK, bereken die NAMC dat die oordragvoor-

raad van sonneblom oor die 172,000 ton vir die bemarkingsjaar wees. Die sonneblomoesskatting is aansienlik laer aangepas. Daar is egter uiteenlopende terugvoering uit die veld rakende opbrengste wat realiseer. Die blaarvlek- en sonneblomkopsiektes het die opbrengste baie nadelig beïnvloed. Dit kan hopelik die sonneblomoordragvoorraad op 'n manier kleiner maak en kan pryse hopelik later herstel. Die sonneblomprys wat tans realiseer op die JSE is laer as die berekende afgeleide uitvoerpariteit. Omdat sonneblom gewoonlik dadelik deur die produsente verkoop word, is die sogenaamde stroopdrukke wat ervaar word ook hewiger as in die geval van mielies.



Grafiek 4. Die langtermyn Julie-kontrak witmielieprys asook die prysbeweging op Safex.



Grafiek 5. Die seisoensprysverloop van die sojaboon spotprys op Safex.

Grafiek 5 dui die seisoenale prysstendens van sojabone aan. Die sojaboonprys daal gewoonlik vanaf middel Januarie en herstel dan gewoonlik vanaf die helfte van Mei. Die daling het vanjaar reeds teen middel Januarie begin en het skerp gedaal. Dit lyk of die prys gestabiliseer het.

Die NOK dui 'n verwagte oes van 1,233 miljoen ton aan en die NAMC dui 'n berekende oordragvoorraad van 92,000 ton aan. Die sojaboonaanbod is hoër as die vraag en daar sal waarskynlik ongeveer 65,000 ton uitgevoer moet word. Die sojaboonprys verhandel tans ook laer as die berekende uitvoerpariteit. Die verwagting is dat die seisoenale tendens gevolg gaan word. Ook in die geval van die oliesade moet die produsent in voeling bly met sy graanbemarkingsadviseur.

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

Die prysvlakke van al die somerge-wasse is tans onder groot druk. Daar is wel groot volatilititeit die afgelope tyd ervaar weens die wisselvallige rand/dollar wisselkoers. Die prysvlakke is in baie gevalle onder die berekende produksiekoste, veral in die geval van mielies. Uitvoere sal eers moet geskied voordat die mielieprys enige herstel gaan toon. Die wisselkoers, wat onvoorspelbaar is, kan wel 'n verandering in die prys veroorsaak.

Alhoewel daar op hierdie stadium nie wonderwerke bewerkstellig kan word met bemarking nie, moet die produsent in voeling bly met sy graanbemarkingsadviseur. Kyk uit vir geleenthede wanneer daar bemarkingsgeleenthede kan voorkom. Planne kan bedink word om die lae prys tot die beste van die produsent se vermoë uit te bestuur. 

Hoe het die seisoen verloop?



« THYS GROBBELAAR
SENIOR GRAANANALIS, SENWES
GRAINLINK

REËNVALVERLOOP HIERDIE SEISOEN

Die 2016/17 seisoen is besig om uit te loop en kan mens nou kyk of die voorspellings wat gemaak is, uiteindelik gerealiseer het. Weerkundiges het 'n La Niña-tipe seisoen voorspel, wat gewoonlik geassosieer word met bo-gemiddelde reënval vir die seisoen en gewoonlik bo-gemiddelde opbrengste. Dit het almal in die somerreënvalseisoen tot optimisme gestem. Soos die seisoen gevorder het, het dit geblyk dat die seisoen se status besig was om te verander van 'n La Niña-tipe seisoen na 'n neutrale seisoen. Pessimisme is uitgespreek deur baie persone aangesien onder-gemiddelde reënval verwag is. Baie goeie reënvalneerslae is gedurende Desember 2016 tot einde Februarie 2017 ontvang en ons gaan waarskynlik die grootste mielieoes in die geskiedenis realiseer. Die grootste gedeelte van die tradisionele Senwes gebied het bo-gemiddelde reënval vir hierdie seisoen ervaar, soos meegaande kaart ook aandui.

Reënval in die Suidwes-Vrystaat was egter laer as normaal. Dit het die implikasie dat daar weer kleiner oppervlaktes onder droëlandkoring gaan realiseer. Daar is net nie genoeg plantreën ontvang nie. Producente het wel aangedui dat hulle koring op hulle oorlêlande in die sentrale gedeelte van die

DIE KUMULATIEWE REËNVAL VIR DIE PERIODE 1 JULIE TOT 30 APRIL 2017 AS % VAN DIE LANGTERMYN REËNVAL



Grafiek 1. 'n Vergelyking tussen die gemiddelde reënval van die 2015/16, die 2016/17, asook die langtermyn reënval vir die Senwes-gebied.

Senwes gebied gaan plant.

Grafiek 1 dui die reënval vir hierdie seisoen in vergelyking met die vorige droogteseisoen en die langtermynreënval per maand en kumulatief aan. Die langtermyn gemiddelde reënval vir die tradisionele Senwes gebied

is 556 mm per seisoen. Hierdie seisoen se kumulatiewe reënval is 701 mm. Die goeie verspreiding tydens die aktiewe groeiproses van die somergewasse het aanleiding tot die groot verwagte oes gegee.


> VERVOLG OP BLADSY 46

> VERVOLG VAN BLADSY 45

Die Suid-Afrikaanse Weerburo dui in hul reënvalkaart (regs) van Suid-Afrika aan dat die grootste deel van die somer-reënvalgebied bo-gemiddelde reënval ontvang het. Daar is veral dele van die Noordwes provinsie waar ver bo-gemiddelde reënvalsifers gemeet is. Dit is duidelik dat die Oos- en Wes-Kaap ver onder gemiddelde reënval die afgelope 10 maande ontvang het.

DIE STAND VAN DIE INDIKATORE VIR DIE RES VAN DIE 2016/2017 SEISOEN:

Die SOI is besig om te daal, wat 'n aanduiding is dat 'n El Niño-tipe seisoen ver wag kan word. Dit is egter te vroeg om met sekerheid te sê of 'n El Niño-tipe seisoen 'n realiteit gaan wees. Ons behoort vanaf September/Okttober vanjaar met 'n groter mate van sekerheid te kan sê wat gaan realiseer. Daar word gewoonlik 6 uit 10 El Niño-jare wat ervaar word, onder gemiddelde oeste gerealiseer.



Die seetemperature is wel besig om in die NINO 3-4 gebied te styg, wat die vermoede van 'n El Niño die komende seisoen versterk.

Die Suid-Afrikaanse Weerburo dui in hul nuutste *Seasonal Climate Watch* aan dat bo-gemiddelde reënval vir die periode Junie tot Augustus 2017 voorspel word.

OPSOMMING EN GEVOLGTREKING

'n Baie voorspoedige seisoen wat klimaat en gewasproduksie aanbetref is die afgelope seisoen ervaar. Die El Niño spook is weer besig om op die horison te verskyn. Die oordragvogsituasie van die meeste gebiede in die somerreënvalgebied lyk heel belowend, wat die effek van 'n verwagte El Niño kan versag. 🌧

VEEHANTERINGSTOERUSTING




www.taltec.co.za
012 250 2188



Available at AFGRI Town&Country, FarmCity and Senwes Village
- Trademarks of Hinterland

VERWAGTE REENVAL VIR DIE PERIODE MEI TOT SEPTEMBER 2017 (Suid-Afrikaanse Weerdiens)



Jagfiks?

JAN-LODEWYK SERFONTEIN



VOOR 'N JAGUITSTAPPIE
GAAN SIT ONS BY 'N
SEMENTTAFEL EN SKIET
OOR 'N SANDSAK.
SODRA JOU GEWEER 'N
PAAR SKOTE NABY AAN
MEKAAR SKIET, IS JY REG
OM TE GAAN JAG, OF
HOE?

Is dit nie wat meeste van ons al gedoen het voor 'n jag nie? As gevolg van verskeie redes kan ons nie genoeg in die jagveld uitkom nie. Daarom is die paar keer per jaar wat jy in die jagveld is, kosbare tyd. Wil jy regtig jou tyd gebruik om agter mis skote en gekwete bokke aan te stap? Is dit nie beter om meer tyd aan oefening te spandeer wat jou kan help om 'n goeie skoot te skiet nie?

In Suid-Afrika is daar 'n paar maniere van jag. In die Bosveld stap en jag ons meestal. In die Karoo behoort jy meestal voorsit-jag te doen en in die oop vlaktes van die Vrystaat behoort ons meestal van 'n bakkie af te skiet.

'n Beter voorstel vir jou jaguitstap-pie voorbereiding sal wees om te oefen soos wat jy gaan jag. Skiet jou geweer in van die bakkie se dak af. Of gaan sit in jou voorsitstoel en kyk tot hoe ver kan jy 'n springbok doodskiet. Vat jou skietstokke en probeer 'n rooi-bok teiken raakskiet. Indien ons net ons gewere instel soos wat ons moontlik gaan skiet, sal dit

ons alreeds baie help om die jag makliker te maak. Kom ons kyk na ekstra "oefeninge" wat ons kan doen voor ons gaan jag.

Jagsituasies in die veld: daar is hoofsaaklik vier posisies waaruit jy kan skiet. Kom ons kyk na die posisies en hoe ek die skootplasing uit die posisie uit kan verbeter.

LÊPOSISIE

Om in die veld te lê en jag is nie iets wat hom aldag voordoen nie. Maar indien jy kan lê, is dit die stewigste posisie om vanuit te skiet. Maar dit is steeds 'n posisie wat geoefen moet word. Het jou geweer 'n tweepoot op wat jy kan gebruik, of gaan jy net die geweerband om jou arms draai en op jou elmboog lê? Belangrik is om te oefen en te kyk hoe ver jy 'n bok uit die posisie uit kan raak skiet.

SITPOSISIE

Vir die sit-, kniel- en staanposisie is dit belangrik om 'n ondersteuning te probeer gebruik. Indien jy 'n stapstok saam met jou dra, kan jy dit gebruik om die geweer stil te hou. Indien jy 'n boom wil gebruik, dink hoe gaan jy die geweer teen die stam druk. Gaan jy links of regs verby die stam mik? Die sitposisie is ook relatief stabiel, maar is 'n moeilike posisie om goed te bemeester.

KNIELPOSISIE

Alhoewel 'n gemsbokjag in die Kalahari sekerlik vanaf die bakkie sal plaasvind, moet die kniel- en staanposisie nie as onnodig beskou word vir gemsbokjag nie. Indien jy 'n longskoot skiet en die gemsbok wikkelsy agterstewe diep in 'n

bos in, waar die voertuig nie kan uitkom nie, is daar ongelukkig net een manier om hom dood te skiet - afklim, nader stap en 'n skoot te skiet uit die kniel- of staanposisie. Het jy 'n stapstok op die bakkie om jou te help stilstaan met dié soort van skoot? Of kloep jou hart so vinnig dat die kruishaar oor die hele bok se kop rondbeweeg? Weereens moet die knielposisie geoefen word op die baan voor jy gaan jag.

STAANPOSISIE

Die posisie wat moontlik die meeste geruik word in die Bosveld, is ongelukkig ook die moeilikste posisie, maar sekerlik die belangrikste een. Êrens in jou jagjare gaan dit nodig wees om 'n bok 'n tweede skoot van naby af te skiet. En vir die skoot het jy nie tyd om te sit, of 'n boom te soek vir ondersteuning nie. Gaan probeer gerus die staanposisie op die baan. Kyk hoe naby jy aan 'n teiken moet kom om dit raak te skiet uit dié posisie uit. Maar dalk nog meer belangrik, is waar my geweer gaan skiet op 30m as ek op 200m ingestel het? Gaan hy hoog of laag tref? Sal ek hom lank genoeg kan stilhou om die skoot af te trek?

Met al die skietoefening is die idee sekerlik om jou skietvernuf te verbeter. Maar eerstens sal die skietoefening ons leer wat ons kan doen in die jagveld. Hopelik sal ons dan beter weet of ons 'n spesifieke skoot kan skiet, of nie. 📍

My ontspanning kom in gedrang!



LEES: Eksodus 20:8-11 en 1 Konings 19:1-8

DS. CAREL BOTMA

Dit is nie toevallig dat 'n voertuig verskillende ratte het nie. Die ratkas is so ontwerp dat die voertuig deur die verwisseling van die ratte onder veranderende omstandighede en terreine maksimale werkverrigting kan hê. En so is dit onder andere ook die doel van die sabbat. Naas die feit dat hierdie dag geheilig moet word tot die eer van God, het God ook die sabbat by die skeppingsorde ingebou terwille van die mens. In Sy alwysheid het God geweet dat die mens ook van ratte moet kan verwissel. Soos wat Hy Hom op die sewende dag verlustig het in sy handewerk, so moet daar vir die mens tye aanbreek waarin hy kan rus, maar ook met 'n behaaglikheid kan terugkyk op 'n periode van harde werk.

Maar nou kla so baie as manlief byvoorbeeld na slegs drie of vier dae by die see met mag en mening wil teruggaan huis toe. Hierdie klagtes is nie maar net praatjies in die wind nie. My navorsing het getoon dat ons nie meer weet hoe om vakansie te hou nie! Dit is wel so dat die meeste van ons jaarliks verlof neem, maar daar is min of geen kwaliteit nie. Vakansies het meganies geword - daar word nie meer aan die beplanning van vakansies aandag gegee nie. Dit is elke jaar dieselfde roetine, plek en gesigte. Daar is geen variasie of kreatiwiteit in hetsy die beplanning, of die vakansie self nie. Gepaardgaande hiermee is dat die meeste mense klaarblyklik nie

kan of wil afskakel wanneer hulle met vakansie gaan nie. Dit is die gevolg van probleme wat saam met die strandhanddoek ingepak word. Uiteindelik gaan die ekonomie, stakings by die werk, die siek bul en witroes op die aartappels ook saam!

Wanneer jy al die onnodige bagasie oral saamdra, sal die belangrikste rus vir die mens nooit kan plaasvind nie, naamlik emosionele of psigiese rus. Vakansies word jou vyand in plaas van 'n hulpmiddel waarmee jy emosionele reserwes kan aanvul. Die onvermoë om die ratte te verwissel en ook emosioneel af te skakel, sal die individu meer kwesbaar maak vir verdere stres.

Op hierdie punt dink 'n mens aan Elia. Eers moes hy vir drie jaar as 'n verstekeling by die weduwee in Sarfat bly uit vrees vir Agab nadat hy die droogte oor die land aangekondig het. Toe moes hy vlug vir sy lewe nadat hy al die Baälprofete laat doodmaak het en Isebel sy kop geëis het. Om 'n profeet van God te wees is nie net fisies harde werk nie, maar hy word ook intens aan emosionele ontberings blootgestel. 'n Mens kan jou voorstel dat Elia moeg, uitgeput en emosioneel 'n laagtepunt bereik het. "Nou is dit genoeg. Here! Neem my lewe..." Maar dan tree God se versorging in. Elia moet rus en eet. "Anders sal die pad vir jou te lank word. Toe staan hy op en eet, en deur die krag van die

kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God."

Soos wat God ons roep tot bekering en heiligmaking, so roep Hy ons ook om as mense binne 'n gebroke werklikheid optimaal te funksioneer. Naas die feit dat ons moet leef, woon en werk tot eer van God se naam, gee God hierdie opdrag aan ons met nog 'n doel voor oë. Hy wil graag hê dat die mens nie net sy lewe moet geniet nie, maar dat hy ook in sy lewe kwaliteit sal ervaar. Want 'n mens wat lewenskwaliteit ervaar, sal in staat wees tot nog groter hoogtes van lofbetuiging aan God. En dit is die diepste rede en doel van ons menslike bestaan. Maar ten einde dit te kan doen, sal ons al ons beskikbare hulpbronne, soos onder andere ons emosionele veerkragtigheid of gehardheid, moet inspan. Maar soos jy weet, is die probleem van hulpbronne dat hulle uitgeput kan raak, en om hierdie hulpbronne te kan beskerm, het die mens verskillende vorms van rus nodig. As ons onself dus hierd verwaarloos, sal ons nooit optimaal kan funksioneer nie, sal ons nooit hoë hoogtes bereik in terme van lofbetuiging aan God nie en is ons uiteindelik ongehoorsaam aan die gebod om die sabbat te heilig.

"Elke dag bring vir my pyn en elke onderneming ergernis; selfs snags kom ek nie tot rus nie" (Prediker 2:23). ☺

Classic

Net Weight 1.5kg



WHOLESDOME GOODNESS

www.montego.co.za

Perfectly balanced, thoroughly satisfying and highly digestible nutrition.

Our complete and balanced Classic range of high-quality products provide the nutrition, digestibility and delicious flavour that South African dogs and cats of all breeds and ages rely on every day for energy, wellbeing and happiness.

V22145, V17482, V17612, V15814, V15813, V17614, V26115, V26116, V26115, V26117 (Net 36 of 1947).





Beplanning in tye van onsekerheid

JENNY MATHEWS

Toe hierdie artikel ingehandig moes word, het die verpleging en opvolgende verlies van my dierbare moeder weens 'n uifers aggressiewe leukemie, al my tyd in beslag geneem. My seun, Gavin Mathews, is 'n jong bees- en graanboer in die KZN Middellande en 'n aktiewe mentor in die Graan Suid-Afrika Boerontwikkelingsprogram. Hy het vir my ingestaan en dié maand se artikel vir my geskryf. Ek glo dat julle 'n jong man se perspektief in *Toekomsfokus* sal geniet! – Jenny.

Landbou is vol onsekerhede. Boere word gebombardeer deur die media met wat verkeerd gaan in die landbousektor en die probleme wat ons in die gesig staar. Hulle moet deurlopend luister na die nimmereindigende

GEEN WYSE MAN OF DAPPER MAN LÊ OP DIE
SPORE VAN GESKIEDENIS EN WAG VIR DIE TREIN VAN
DIE TOEKOMS OM OOR HOM TE RY NIE
– EISENHOWER –

politieke debat oor aspekte wat hulle direk affekteer, maar waaroor hulle baie min beheer het. Boere is ook altyd uitgelewer aan die genade van Moeder Natuur. Daar is die normale uitdagings in die vorm van vloede, droogtes en vernietigende reënvalpatrone of windstorms wat kosbare bogrond uitwis; en dan is daar ook aardverwarming, soos gesien kan word in die toenemende klimaatsveranderinge. Dit is dikwels werklik 'n uitdaging vir boere om te weet of

hulle links of regs moet draai. Hoe fokus 'n mens werklik met praatjies oor al die onsekerhede en die omvang daarvan in die landbousektor. Hoe dink 'n mens? Hoe BEPLAN 'n mens?

Generaal Eisenhower het per geleentheid gesê, 'Ek het nog altyd gesien dat planne nutteloos is; maar beplanning is onontbeerlik'.

BEPLANNING is een van die mees belangrike verantwoor-



Om jouself te ken is die begin van alle wysheid. – Aristoteles

delikhede van enige boer wat kompetender wil bly, met 'n winsgewende besigheid nou en in die toekoms. In 'n bedryf wat gedifinieer word deur innovasie en ontwikkeling, kan 'n mens dit nie bekostig om nie deel te wees van die wedren nie, om rond te skarrel in die skroot van jou eie selfbejammering nie - jy kan ook nie sonder 'n roeispaan en 'n roer die river af vaar nie. NEE!

Aristoteles het gesê: 'Om jouself te ken is die begin van alle wysheid.' Begin met self-waarneming en introspeksie. Kan jy die onsekerheid hanteer? Is jou emosies gebalanseerd en hoe hanteer jy ons huidige stormagtige en onsekere politieke klimaat? Is jy bereid om vir die toekoms te beplan onder hierdie omstandighede? Is jy bereid om die golf van ons jong en dikwels falende demokrasie te ry? Jy MOET jouself al hierdie vrae afvra want, as jy dit nie doen nie, sal jy nooit effektief vir jou besigheid kan beplan nie. Jy sal vir altyd wag om aangepor te word of vir 'n deur om oop te maak. Dit weerspreek ook die aanvaarde idee dat alle besighede ten minste 'n 5-jaar of 10-jaar plan moet hê om suksesvol te wees. Jy kan dit nie bekostig om van maand tot maand of selfs een of twee jaar vooruit te beplan nie. As jy vir die hier en nou alleen beplan, is jou visie nie groot genoeg nie en sal jy min geleentheid vir groei en uitbreiding hê. Niks sal verander nie... dit sal net voortsleep op 'n gladde paadjie na algehele mislukking. As jy egter sou besluit om wel die golwe die toekoms in te ry, moet jy dit met moed en passie en vasberadenheid doen. Wees die beste wat jy moontlik kan wees

terwyl jy 'n besigheid ontwikkel waarop jy trots is - en een wat likied is en geld maak.

Kyk krities na jou besigheid. Dink oor wat jy vir jouself en jou gesin wil hê in terme van voorsiening, oorweeg dan wat jou besigheid moet voorsien van dit wat jy wil hê. As jou besigheid nie in jou behoeftes en begeertes kan voorsien nie, het jy ernstige strategiese beplanning om te doen.

STRATEGIESE BEPLANNING!

Om effektief te beplan, moet jy begin met 'n BEGROTING. Wees realities en lys alles in terme van bates - fisies, materieel en emosioneel. Visualiseer jou skuld, jou bankbalanse en jou oortrokke rekeninge. Bereken die verhouding van jou bates tot jou laste. Bereken jou huidige finansiële behoeftes, alles! Neem tyd om dit te doen sodat jy die mees akkurate beeld van jou huidige besigheidsposisie op die tafel het. Dit dien geen doel om iets van jouself weg te steek nie. As alles eers op die tafel is, kan jy jou strategie begin beplan.

Besigheidsbeplanning word nie net binne 'n dag gedoen nie. Jy het tyd nodig om te dink, wees kreatief, ontwikkel hipotetiese scenario's in jou kop (en op papier). Stel vooruitskattings op en maak seker dat jy konserwatief en objektief in die proses is. Vergelyk idees en gedagtes. Praat met 'n vertroueling of 'n mentor en gebruik hulle as klankbord. Meer belangrik, verwyder alle sentiment uit jou besluitnemingsproses en dink nuut. Dr Daleen Smal, in haar boek *The Art of Money*, sê 'Jy moet jou gedagtes, jou gevoelens

en jou aksies belyn met die resultate wat jy verlang'.

Beplanning in onseker tye is baie moeilik. Maar dit moet nooit keer dat ons beplan nie. Ek hoor toeneemend dat boere en besigheidsmense dinge sê soos "Ons sal sien wat volgende jaar gebeur, na die verkiesing", "Ek gaan nie nou belê nie want ek is nie seker van die mark nie", "Ek sal 'n besluit neem na volgende jaar se begrotingstoespraak" - Ja, natuurlik mag jy versigtig wees. Maar as jy besluit jy wil besigheid in Afrika doen, dan moet jy besigheid in Afrika DOEN! Moenie op eiers loop en wag vir die volgende neerdrukende Staatsrede of uitspraak van 'n ekstremistiese aktivis of politikus wat stemme soek nie.

As jy besluit om die golf te ry, verbind jouself daartoe, hou styf vas en wees voorbereid vir die oppe en affe, die draaie en swaaie want dit, liewe leser, is gewaarborg wanneer jy in Afrika bly en besigheid doen. Maar, soos ons weet, met groot risiko kom groot beloning. AS JY EFFEKTIEF BEPLAN en jou besigheid slim bestuur. Sun Tzu, die beroemde Chinese militêre generaal, strateeg en filosoof, het gesê, 'As jy die vyand ken en jy ken jouself, hoef jy nie die uitkoms van 'n honderd veldslae te vrees nie. As jy jouself ken maar nie die vyand nie, sal jy vir elke oorwinning ook 'n nederlaag ly. As jy nie jouself of die vyand ken nie, sal jy in elke veldslag 'n nederlaag ly.' Wanneer jy beplan moet jy jouself en jou omgewing ken en daarvolgens optree - dan het jy die beste moontlike kans op langtermynsukses in jou besigheid. ☺



JOU VISIE, *ons passie.*

Senwes Equipment weet wat ons klante wil hê en bied innoverende finansierings-oplossings. As eksklusiewe handelaar van John Deere en alternatiewe toerusting, verseker ons jou toegang tot die nuutste ontwikkelings en met presisieboerdery bied ons 'n optimale bestuursmiddel vir elke produsent.



Die Opstanding van Jesus Christus

LEES: Matteus 27:27-44

DS. WILLIE BOTHA



'n Transformasie sonder gelyke

Vroeg die Sondagoggend het Maria Magdalena na die graf gegaan. Toe sy daar kom, het sy 'n ontstellende ontdekking gemaak. Die klip was van die graf weggerol en dit het vir haar net een ding beteken: Hulle het die liggaam van Jesus weggeneem en op 'n ander plek begrawe. Nadat sy die ontstellende tyding vir die dissipels gebring het, is sy weer terug na die graf. Daar het sy bly staan en huil oor Jesus wat nie net dood was nie, maar ook nou weg was. Min het sy geweet van die radikale verandering wat daardie oggend plaasgevind het. Die deurbreek van die lig het tot haar deurgedring toe Jesus daardie oggend vir haar "Maria" genoem het.

Met die opstanding het daar 'n transformasie plaasgevind, 'n radikale verandering. Hierdie veran-

deringe word weerspieël in die verandering van die waarde wat ons aan die Christelike simbole toeken. Die vervloeking wat met die kruis geassosieer is, word die kruis van versoening. Die teken van die hoogste skande word die teken van die grootste eer. Net so ook met die graf. Die plek van dood en ontbinding word die geboorteplek van die ewige lewe.

Die transformasie vind ook by Maria plaas. Die hartseerste van die hartseres word die blyste van die blyes wanneer Jesus Sy identiteit aan haar openbaar. Dieselfde geld vir Thomas wat so verpletter is, wie se hoop so beskaam was deur die kruisiging. Sy blydschap loop op die belydenis uit: My Here en my God.

Jesus se opstanding kom as't ware en deurbreek al die vrese: Die

vrees vir die wêreld, die wagte, die vrees dat daar verdere vervolging gaan wees. Die vrees van die kruis, die nag, die graf.

Uiteindelik is die opstanding ook die deurbreek van ons eie vrese. Dit is die grootste transformasie ooit, want dit is die deurbreek van tyd. Tyd het sy greep op die mensdom verloor. In die opstanding van Jesus Christus swig tyd voor ewigheid. Die stadige maar sekere wegslyt van die mens is nie meer vir ons 'n bedreiging nie, maar 'n groei na die ewige bestaan by God. Die dood het sy angs verloor en in plaas daarvan om daarvoor bang te wees, is dit iets wat gelowiges na kan uitsien. Dit transformeer nie net ons einde wat 'n begin geword het nie, maar dit transformeer ook hoe ons elke dag kan lewe. Wanneer 'n mens vir iets, na iets toe lewe, is daar baie meer sin, baie meer doelgerigtheid en baie meer vreugde in die lewe self.

Die grootsheid van die opstanding is iets wat klaaglik onderspeel word. Dit is die viering van die heerlijkheid van God. Dit is die openbaring van die grenslose moontlikhede wat die gans ander God vir ons moontlik maak. 





Lekker kos vir gesonde troeteldiere



ONS ROEPING

Die vervaardiging en voorsiening van diëte wat aan alle voedingsbehoefte van die geteikende spesies sal voldoen sodat u troeteldiere 'n verlengde, gesonde en produktiewe lewe sal lei.

As organisasie streef ons voortdurend na die verbetering van die voedingswaarde van ons produkte, kwaliteit asook die voedselchemie van elke produk.

Ons is toegerus om alle inligting oor voedingswaardes, asook tegniese waardes te kan interpreteer en toe te pas aangesien albei die maatskappy se direkteure nagraadse kwalifikasies in monogastriese voeding behaal het.

Ons doelwit word bereik deur stelsels wat in plek gestel is om die volledige proses van elke produk, vanaf die formulering, vervaardiging, kwaliteitversekering en opspoorbaarheid van elke produk te monitor. ●

Nou beskikbaar by jou naaste Hinterland winkel.

Food Safety System Certificate (FSSC22000)



Every fish's friend.

AQUA PLUS fish food:

- Scientifically formulated
- Balanced nutrition
- For tank and pond fish
- Natural colour enhancement



Toll free number: 080 766 0016
www.aviproducts.co.za



Birds of a feather choose AVI-PLUS

AVI-PLUS bird food:

- Scientifically formulated
- Quality nutrition
- Immune boosting
- Highly digestible



Toll free number: 080 766 0016
www.aviproducts.co.za



Winter klop aan die deur

Daar is klaar 'n byt in die lug. Dit is klaar tyd om jou wintergroentetuin te vestig. Wintersgroente het 'n periode van ses tot agt weke nodig om te vestig en te groei voor die eerste ryp kom. Uie, wortels, beet, radyse, blaarslaai, alle kool, spreie, seldery en grasuie is alles wintergroente wat geplant kan word.

Berei beddings voor deur organiese kompos in die area in te werk, tot 'n graafdiepte. Meeste van die groente kan van saad gegroei word. Indien jy wortels, beet en uie saai, is dit beter om dit bietjie te dik te saai en dan uit te dun as om dit te yl te saai.

Kool, blaarslaai en spinasie plant baie maklik uit en kan dus op 'n klein oppervlak gesaai word tot die plantjies groot genoeg is vir verplanting. Seldery is ook maklik om uit te plant. Bemes die tuin met organiese bemesting om te verseker jy kry gesonde groente vir jou en jou gesin.

Wenke: Meng knoffel en uiesap met chillipoeier, water en babasjampoe as 'n teenmiddel vir ongewenste goggas en plaec.

Gebruik 'n organiese grondbedekking (mulch) om water te bespaar aangesien groenteplante baie dorstig is.

'n Winterstuin is op sy mooiste in die lente. Plant dus plante wat jy nie met 'n swaar hart sal uitpluk om voorsiening te maak vir jou somertuin nie. Met die koste van tuinmaak stel ek voor dat fokuspunte in songedeeltes beplant word met onder meer petunias, gesiggies en Nama-kwalandse daisies.

Niks kom by Primulas om die winter "blues" weg te dryf nie. Die voordeel hier is dat hulle hulself sal saai en volgende jaar weer opkom.

Probeer om die ryp af te spuit voor sonsopkoms. Dit verhoed die ergste skade aan die tuin. Moet ook nie die tuin in die namiddag natmaak nie, aangesien enige water na sonsondergang sal vries, veral as ons temperature na benede 1 graad daal.

Onthou om u hele tuin te bemes om seker te maak al die plante is gereed om die lente in te gaan.

Probeer om nie die blare uit jou beddings te verwyder nie, aangesien dit ook help om jou plante teen ons bitter koue winters te beskerm.

Geniet die winterseisoen en bly organies! ●

WEN met Hannon

WEN EEN VAN TWEE HANNON GESKENKPASSE

Die HANNON Intense Hydrating Moisturiser tesame met die Hannon Rehydrating Moisture Mask is 'n vog- en energieopwekker ideaal vir droë, gedehidreerde, skilferagtige velle of enigiemand wat sukkel met 'n dowwe gelaat.

Gebruik die Hydrating Moisture Mask tot twee keer 'n week, wat die vel opmerklik meer uitgeplomp en met 'n pragtige glans laat.

Die Intense Hydrating Moisturiser is 'n baie ryk vogroom vir uiters droë en gedehidreerde veltepes, veral as jy in 'n baie droë klimaatstreek bly. Gebruik die Intense Hydrating Moisturiser soggens en saans. Jou vel behou 'n langdurige glans en voel soepel en bevochtig.



SMS Senwes, Hannon en jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31 022 voor 31 Julie 2017 om 'n kans te staan om een van twee geskenkpasse van HANNON Intense Hydrating Moisturiser en Hannon Rehydrating Moisture Mask ter waarde van R655 elk te wen.

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisieëls besoek die webtuiste www.senwes.co.za.

DIE WENNERS VAN DIE VORIGE UITGAWES VAN DIE SENWES SCENARIO IS AS VOLG:

(Februarie/Maart 2017): **CUM:** Joey Delpont van Lichtenburg.

Hannon: Madelein Oosthuizen van Koppies en Jacoba Boshoff van Bloemfontein. **BAIE GELUK!**



Jy's geroep. Al dink jy nie so nie

MILANIE VOSLOO

"ROEPING" KLINK BAIE "KERKERIG". EN NIE ALMAL KAN OF WIL PREDIKANTE OF SENDELINGE WEES NIE. BOONOP SUKKEL ONS OM ELKE DAG DEUR AL DIE HOOI OP ONS VURK TE WORSTEL EN HET ONS REGTIG NIE TYD VIR NÓG 'N VERPLIGTING NIE.

Die waarheid is dat elkeen van ons wel geroepe is om iets spesiaal te doen en hierdie roeping hou meestal direk verband met die gawes wat reeds aan ons gegee is. Soos John C Maxwell sê: *People's purpose in life is always connected to their giftedness.*

Die vraag is dus nie óf jy geroep is nie, maar wat jou roeping is. Almal wat in die landbouwêreld geplant is, maak op een of ander manier 'n verskil aan voedselvoorsiening. Iewers gee jy kos aan iemand... iewers skep en gee jy lewe! Wat 'n voorreg! Jy maak indirek 'n verskil aan léwe.

Maar jy is verseker ook nie somer net geplant op die plek waar jy nou is nie. Jy is in jou besondere situasie en omgewing omdat jy deur jóu menswees ander se lewens anders kan maak. Jy mag 'n baie spesiale gawe hê om met mense te werk, om nuwe hoop te bring deur jou kreatiwiteit, of om deur jou wysheid nuwe moontlikhede oop te sluit. Jy is dalk iemand wat deur jou voorbeeld mense tot ander insigte bring. Misken kan jy deur 'n sagte woord aan iemand weer moed gee vir môre. Of... dalk is jy die een wat deur jou gewone lewe en die manier hoe jy mense hanteer, vir die mense met wie jy elke dag te doen kry, kan vertel wie God is. Meer nog: hóé Hy is. Hoe vergewensgesind, liefdevol en goed Hy is.

Wat dink jy is jou roeping? En hoe kan jy dit wat jy is, wie jy is, so leef dat ander na jou sal kyk en dink, "Ek wil ook so wees, want hy/sy het 'iets' wat ek nie het nie.

Elke kind van God is deur Hom geroep om iets van Hom te wees. Waarvoor dink jy is jy geroep?

Here, dankie dat U deur my – gebroke mens – lewens kan raak. Ek wil naby aan U hart bly sodat ek hom kan hoor klop; kan hoor wanneer U vir my sê: "Volg My." En dan Here, help my om dan "ja" te sê op U roepstem. ☺

Wen

HOOP WAT KAALVOET LOOP

Soms druk die lewe... soos 'n paar ongemaklike skoene aan die einde van 'n lang dag. Dis dán wanneer jy kan tuiskom by God; wanneer jy jou hart se skoene kan uitskop en jou gestroopte menswees met Hom kan deel. En dis in daardie veilige ruimte by Hom waar jy sal ervaar hoe Hy die donker in jou verdryf en aan jou nuwe hoop gee.


Hoop wat kaalvoet loop se 101 dagstukkies is propvol hoop en inspirasie. Milanie Vosloo wys jou hoe jy – ten spyte van baie dinge – kan bly dans oor die lewe en bly hoop. Hoe jy – ondanks alles – kan blý vertrou omdat jy 'n Vader het wat jou stewig vashou. Wat jou met arms vol genadeseën wil toevou.


Die oordenkings in dié dagboek is geneem uit Milanie se topverkoper-boeke *Sielskos vir die vrou wat lêëf* en *Laat Sy liefde jou lei*. Die dagboek word afgerond met teksverse vir spesifieke behoeftes en plek vir notas agterin.

Die boek is in Augustus 2016 uitgereik en is teen R179.95 op die rakke. Milanie Vosloo is 'n topverkoper-outeur wat deur haar boeke al duisende vroue se lewens verander het. Met haar eerlike manier kry sy dit reg om die hart en siel van haar lesers te raak, hulle te inspireer en aan hulle hoop te bring. Jy sal vind dat Milanie se woorde jou hart raak omdat sy met opregtheid en wysheid haar lewensondervinding as suksesvolle sakevrou, skrywer, ma en vriendin met jou deel.

Wen met Senwes en Cum Uitgewers. Een gelukkige leser kan 'n kopie van *Hoop wat kaalvoet loop*, 101 dagstukke vol hoop en inspirasie wat jou siel sal verkwik, wen. SMS Senwes, Cum, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 31 Julie 2017.

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisieëls, besoek die webtuiste www.senwes.co.za.





JOU VISIE, *ons passie.*

Senwes Credit - jou strategiese vennoot wat landbou verstaan, finansiële oplossings bied en waarde tot jou besigheid voeg.



www.senwes.co.za | www.senwes.mobi



KIES EEN VAN DRIE FINANSIERINGSOPSIES EN SPAAR

Koop 'n nuwe John Deere 6M trekker en finansier dit teen 'n koers van so laag as 1% gekoppel*

OF

SPAAR tot R140 000 in finansieringskoste as jy jou John Deere 6M trekker finansier deur John Deere Financial (8% koers gekoppel, 20% deposito)*

OF

Vra wat jou kontantkorting kan wees (van toepassing op nuwe produkte of vir inruil-doeleindes)*



Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld. Aanbod geldig tot 31 Julie 2017 en gebaseer op 'n spesifieke struktuur en produkmodel. Ander strukture en produkmodelle kan egter binne die promosie geïnkorporasieer word wat 'n unieke besparing en/of rentekoers sal hê en moet deur John Deere Financial gefinansier word.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n lid van Barclays, 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg. Nr. NCRCP7.



JOHN DEERE
FINANCIAL

Ondersteun deur



Sluit aan by John Deere op Facebook



Volg John Deere op Twitter



Besoek John Deere op YouTube

www.deere.co.za
Africa@johndeere.com
Kliëntediens: 0800 983 821